



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

BID DAT DIE "CHRISTENE" MAG ONTWAAK...

Joh. 3:36

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ✍ Christelike opvoeding
- ✍ Christelike Onderwys en
- ✍ Christelike Wetenskap

"Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreeke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

Ds P Veen

Amos 4:6(b), 8(b) en 11(b)

1954 vertaling: "- nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die Here."

Nuwe vertaling: "maar julle het julle nie tot my bekeer nie, sê die Here. "

Daar bestaan nogal 'n gewoonte om mense met mekaar te vergelyk – en dan word daar gepraat van groot en minder groot manne en vroue. Ons doen dit ook met die godsmanne wanneer ons profeet opstel teenoor profeet om te bepaal wie dan **na ons mening** die grootste sou wees. Met 'n bietjie ernstige nadenke kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat so 'n bedryf eintlik 'n dwaasheid is. **Elke mens se betekenis en waarde hang tog af van die mate van sy gehoorsaamheid aan God!** Ek sou daarom gladnie kon sê waarom Jesaja byvoorbeeld groter sou wees as Amos nie.

Amos, die eenvoudige skaapboer uit Tekoa, is 'n man van betekenis in die geskiedenis omdat hy sonder teësprak die opdrag wat God hom gegee het, gaan doen het!

Dit was geen nietigheid nie – ek is seker dat min van ons hom dit sou nadoen! Hy was naamlik gestuur na die ryk en magtige koning Jerobeam met 'n oordeelsboodskap – 'n aanklag teen al die boosheid wat aan die orde van die dag was.

In die eensaamheid van die veld het Amos geleef in noue gemeenskap met God. Daar het hy die lewensvrae met God deurgeworstel. Die gebeure van sy tyd het hy duidelik gesien

teen die lig van God se heiligheid – en hy was oortuig dat sake nie so kon voortgaan nie. Daarom gaan hy toe God hom stuur, en al jaag die priester Amasia hom ook weg, gaan hy voort om met die volk te praat. Sy woorde was skerp. Hy het Israel gestriem oor hulle eiewillige godsdienste – maar steeds met 'n hart vol liefde. Luister na die ontroering in sy stem wanneer hy die volk daarop wys hoe dikwels God sy volk gewaarsku het hoewel hulle volhardend die waarskuwings geminag het. Soos 'n droewige koor herhaal Amos vier keer die Here se aankondiging: "nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die Here."

Hier is droefheid, maar ook ingehoue toorn, oor die verharding wat

- na bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

- ✍ Het UGO 'n plek?3
- ✍ Lesers sê6
- ✍ Psalm 78 vir môre.....7
- ✍ Leer lees8
- ✍ Bybelonderrig13
- ✍ Huisgodsdienste18

soos 'n kombes oor die hele volk lê. God het hulle besoek met Sy tugting in broodsgebrek, in droogte, in mislukte oeste, in pes en in oorlog – maar die volk wou nie verander van koers en ingesteldheid nie.

So gaan dit nog steeds – ook vandag. God waarsku die mensdom op allerlei maniere om hulle bese en sondige paaie te verlaat, maar dit is asof ons ore toegestop is vir Sy stem – en ons bly ongevoelig onder die kastydings. Hoe diep lê die smart ingebed, wanneer die Here God moet praat met 'n nietige mens, een wat Hy nogal só liefhet soos Johannes 3:16 verklaar, en aan hom moet sê ...”maar jy het jou nie tot My bekeer nie... ten spyte van al My bemoeienis met jou”.



Huisbesoek oor onderwys: Matthéüs 18:6-7

Onderstaande huisbesoekbrief wat deur ampsdraers tydens huisbesoek gebruik kan word, is opgestel deur die Christelike Onderwysdeputate van die Partikuliere Sinode Pretoria (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). Ons gee dit graag met erkenning deur vir ons lesers:

LEES MATTHÉÜS 18:1-7

1. Waarom is die kinders vir die Here so belangrik? (vgl. ook Joh.21:15)
2. Waarom is dit vir die Here belangrik dat kinders wat in Hom glo, reg geleer word?
3. Wie is in die eerste plek die mense wat die Here verantwoordelik hou oor hoe kinders grootgemaak is? Hoe kan hierdie mense hulle verantwoordelijkheid nakom?
4. Wie is ook verantwoordelik dat kinders wat in die Here glo met die waarheid sal grootword? Hoe moet hulle hulle verantwoordelijkheid nakom?

Vandag is daar 'n geweldadige aanslag op die uniekheid van die evangelie van Jesus Christus as enigste Middelaar. Kinders word geteiken deur voorgeskrewe skoolsillabusse, asook deur verskeie Kinderprogramme. Dit is egter nie net kinders wat mislei kan word nie. Daarom is dit belangrik dat alle gelowiges die denkstrome van ons tyd kan evalueer. In Suid-Afrika is daar tans twee lewens- en wêreldbeskouings wat sterk staan teen die ware evangelie waartoe ons geroep is om hier uit te dra en uit te leef. Die twee is die tipiese Afrika lewensvisie en die gesekulariseerde Westerse siening. Hierdie beskouings word deur verskeie skoolhandleidings verkondig.

Bespreek dit aan die hand van die volgende:

- In die **tipiese Afrika lewensvisie** is die mens op die voorgrond. Aanbidding of verering van voorvaders vind ter wille van die mens plaas, want rituele word uitgevoer uit vrees om die geeste van dooies tevrede te hou sodat hulle nie hulle mense kwaad aandoen nie. Dit word ook gedoen om seker te maak dat die voorvaders sal sorg vir geluk en voorspoed vir hulle mense.
- Dit is belangrik dat **gelowige kinders** wat deur leerplanne kennis neem van rituele vir voorvaders, sal weet die Here verbied enige kontak met **sogenaamde geeste van dooies** (Lev. 20:6, 28 & Deut. 18:9-14) en dat dit vir die Afrika-mense 'n vrees-aanjaende ervaring is omdat die duiwel self daaragter sit (1 Kor. 10:19-22). Die gelowiges leef nie in vrees vir God nie, maar as kinders van hulle hemelse Vader in liefde en eerbied vir Hom.
- In die **Westerse gesekulariseerde lewensvisie** word die klem op die mens en sy mense-regte gelê. Die mens se lewe word bepaal deur altyd groeiende wetenskaplike kennis en tegniek wat sy lewe so gerieflik en vredevol moontlik moet maak. **Hoewel die mens sy eie god wil wees, bring die gemis aan iets diepers mee dat die mistieke oosterse godsdiens-idees al hoe gewilder word.**

- Ook **gelowige kinders** word aan hierdie idees blootgestel. Daarom moet altyd weer beklemtoon word hoe nietig 'n mens werklik is ('n stippeltjie in 'n onmeetlike skepping), en tog dat die Here ons ken, liefhet, vashou en 'n taak op aarde gee. **Daar is 'n rede waarom elkeen van ons gebore is. Alles wat die wetenskaplikes ontdek, is maar 'n deeltjie van dit wat God in sy skepping ingeskape het.** Dit bring ons by verwondering oor sy ordening uit.
- In die **tipiese Afrika lewensvisie** moet die belange van die individu terugstaan vir dié van die groep. **Ubuntu is die klem wat op die bystand en mededeelsaamheid binne jou eie groep geplaas word.** Met al die mooie van die omgee vir mekaar, gaan ongelukkig ook saam 'n saamleef met die geeste van die voorvaders, asook die moontlikheid van nepotisme (bevoordeel eie familie) en tribalisme (stamme beveg mekaar en gun mekaar niks nie).
- In die **Westerse gesekulariseerde lewensvisie** moet groepsbelange terugstaan vir die belang van die individu. Elke mens (ook kinders) moet self besluit wat vir hom of haar goed en reg is. Onderwys moet die kind die geleentheid gee om self te besluit wat vir hom of haar waar is. Opvoeding om goeie gedrag aan te leer, verdwyn. Sonde is om iemand se reg op 'n eie siening en manier van lewe te bevraagteken of in te perk. Die handves van menseregte word die maatstaf waarvan nie afgewyk mag word nie.
- Dit is belangrik dat alle gelowiges, juis ook **gelowige kinders**, die Bybel sal gebruik om alles mee te beoordeel. Die belange van die individu of die groep is nie die norm nie, maar dit wat God in sy Woord sê. Selfs dit waarop ons kan aanspraak maak ('n “reg” het), is genade uit God se hand, waarmee ons in verantwoordelijkheid tot eer van God en in diens van mekaar moet leef.



HET UGO 'N PLEK IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN CHRISTENE?

Dr IH Horn

(- vervolg op vorige uitgawe)

2.2.2 Kritiese analise van progressiewe akademiese aannames

Kritiese denke oor progressiewe onderwys in die algemeen en UGO in besonder bring die volgende na vore:

Een, die fundamentele aanname dat intellektuele leerprosesse, natuurlike prosesse, foutief is. Die leer van die moedertaal is 'n geïntegreerde en komplekse kognitiewe vaardigheid wat by alle normale kinders onder normale omstandighede 'n definitiewe en universeel-geldende ontwikkelingslyn volg. Omdat die ontwikkelingslyn van moedertaal universeel-geldend is, word daar aanvaar dat die ontwikkeling van die moedertaal 'n natuurlike, spontane proses is en dat *alle* intellektuele leerprosesse natuurlik en spontaan kan geskied, en ook meer effektief op 'n natuurlike, spontane wyse sal geskied. Hierdie beredenering is verkeerd. Eerstens, die leer van die moedertaal is nie spontaan in die ware sin van die woord nie - die kind wat *geen* stimulasie kry, sal *nooit* leer praat nie. Tweedens, lees, skryf en reken (en *alles* wat daarmee gepaard gaan bv. basis-tien tel, veelvuldige kolom optel en aftrek, leen en oordra, vermenigvuldiging en deel) is intellektuele leerprosesse wat alleenlik ontwikkel as hulle doelbewus onderrig word. Die 'kyk-sê' (*whole-language*) metode aanvaar dat om te leer lees soortgelyk is aan die leer van die moedertaal; 'n geskrewe woord (of frase) moet in sinvolle kontekste aan die kind voorgestel word terwyl die kind die verbale-geskrewe korrespondensie moet uitpluis op dieselfde probeer-en-tref wyse wat die leer van die moedertaal kenmerk. Dit kom egter daarop neer dat alfabetiese tale wat 'n fonetiese patroon het, benader word asof hulle piktografiese tale is met geen fone-

tiese patroon nie, bv. Sjinees en Japanees. Die 'kyk-sê' metode vereis as't ware dat die kind 'n horde woorde met oënskynlik geen dekodeeringspatroon nie, moet memoriseer. (En dit terwyl memorisering geminag word!)

Twee, dit is nie waar dat leer sonder inspanning en harde werk kan geskied nie. Leer behels altyd inspanning al geskied dit deur onbewustelike spel of bewustelike arbeid. Daar bestaan *geen manier om sonder herhaalde inoefening (drilwerk) te leer nie, maar dit hoef glad nie onplezierig te wees nie*. Die geheim om kinders genotvol te laat leer is nie om doelbewuste onderrig, inoefening en drilwerk te vermy nie, maar om op so 'n wyse te onderrig dat dit by die spesiale ontwikkelingsvermoëns van die kinders aanpas.

Drie, kinders is wonderlike, verfrissende wesens, maar vrye teuels kan nie aan hulle spontaniëteit gegee word nie. Eerstens, hulle inhibisieloosheid bring mee dat hulle blootgestel is aan impulsiewe en selfvernietigende of sosiaal destruktiewe gedrag. Tweedens, kinders is *sosiale wesens en derhalwe neig progressiewe klaskamers altyd tot wanorde*. Derdens, volgens die Bybel (en die geskiedenis, koerantopskrifte en eerlike selfondersoek) sal natuurlike ontwikkeling die kind tot 'n lewe van selfsug, sensuele plesier en misdaad lei. Vierdens, navorsing het gewys dat kinders wat streng maar met baie liefde en sekuriteit groot word, meer selfstandig en beginselvas is en meer lewensvertroue het. Vyfdens, akademiese klem op die kind se spontaniëteit en eie kreatiwiteit eerder as op korrektheid beteken dat alles waarmee die kind vorendag kom, aanvaar word as 'n uitdrukking van sy/haar eie oorspronklikheid, on-

geag ware vakkundige waarde of korrektheid. Hierdie tipe romantisisme mag wel soms 'n plek hê in sommige vakke, maar selfs in die kunste moet 'n kind eers die tersaaklike reëls en/of tegnieke geleer word voordat hy/sy met werk vorendag sal kom wat van werklike waarde is.

Vier, alhoewel ons almal graag ons kinders teen teleurstelling en mislukking sou wou beskerm, is die waarheid dat terugslae en mislukking deel is van elke mens se lewe, en kinders moet leer om dit te hanteer. Dit help nie om 'n illusie van sukses te skep nie. Dit bevorder net onrealistiese, opgeblaaide selfverwagtinge en uiteindelik traumatiese ontnugtering. 'n *Illusie van sukses ondermyn ook Christelike karaktervorming omdat daar, eerstens, geen aansporing vir harde werk, pligsgetrouheid, selfdissipline en volharding is nie*. Tweedens, 'n kind wie se werk nooit eerlik teen 'n vaste standaard geëvalueer word nie, leer nooit om kritiek te aanvaar nie. Dié kind sal gevoelens van verontregting en dalk selfs woede en haat koester teenoor enigiemand wat sy/haar pogings objektief evalueer, sy dit die ouer of in latere lewe die werkgewer of huweliksmaat. Bowendien, hoe kan 'n mens wat nie kritiek kan verdra nie ooit sy eie sondige hart raaksien en tot ware bekering kom?

Vyf, progressiewe onderwys skets formele, tradisionele onderrig as iets waar swygende kinders in rye sit en passief alles absorbeer wat die onderwyser/es sê. Dit is 'n karikatuur. Navorsing in Amerika, waar meer as 9000 leerlinge betrek is, het onomwonde bewys dat basiese en hoërorde denkvaardighede, *sowel as emosionele ontwikkeling en lewensvertroue*, ten beste bevorder word deur tradisionele, goed-gestrukture-

reerde, direkte onderrig wat feitlike, akademiese inhoud beklemtoon. Alle intellektuele vaardighede, selfs die leer van die moedertaal, verbeter met doelbewuste, sogenaamde onnatuurlike, onderrig. **Kleuters wat baie deur hulle ouers aangemoedig en gestimuleer word, ontwikkel intellektueel vinniger as kleuters wat nie sodanig aangemoedig en gestimuleer word nie.** M.a.w. 'onnatuurlike' onderrig is belangrik. Kinders het die leiding van onderrig nodig. Wanneer daar met kinders en adolessente omgegaan word, moet daar in gedagte gehou word dat die vermoë om onafhanklik, op mens se eie, te leer iets is wat normaalweg die uiteinde van goeie onderrig is en nie die oorsaak daarvan nie.

Ses, feitlike kennis en memorisering is belangrik - in skool en in latere lewe. In baie beroepe word dit van die beoefenaars verwag om 'n groot hoeveelheid kennis in hulle geheue vas te hê. Mediese dokters, ingenieurs en baie ander kan nie aanhoudend boeke (of die internet) raadpleeg terwyl hulle aan diens is nie. **Kinders het goeie geheues, maar die vermoë om te onthou neig om te verminder as dit nie gebruik, gestimuleer en beoefen word nie.** Mense wat onderwys gehad het wat of teen memorisering gekant is of die belangrikheid daarvan onderskat, ondervind baie probleme om die kennis wat noodsaaklik is vir hulle beroep in hulle geheue vas te lê.

Sewe, dit is waar dat kennis wat deur self-aktiwiteit verkry is beter onthou word as kennis wat bloot verbaal oorgedra is. Dit is ook waar dat kennis wat in 'n relevante en probleem-oplossende konteks verkry is beter verstaan word. **Daar is egter voorwaardes vir sinvolle, leer-same self-aktiwiteit. Dit is noodsaaklik dat kinders oor die nodige voorafkennis beskik, dat hulle weet waaroor die aktiwiteit gaan en wat die doel daarmee is en dat tersaaklike nuwe konsepte eers deur die onderwyser/es verduidelik word.** Kinders kom nie met leë koppe na die klaskamer nie. Hulle het dikwels reeds hulle eie idees omtrent die leerstof gevorm. Indien die kind se eie idees verkeerd is en nie deur die onderwyser/es gekorrigeer word nie,

sal enige nuwe inligting wat daaraan gekoppel word waarskynlik ook verkeerd wees, of verkeerd toegepas word. Onderwysers moet ook aktiwiteite sorgvuldig struktureer en lei. Daarsonder sal die kinders se observasies en ondersoeke oppervlakkig en onsistematies wees. Hulle sal heelwaarskynlik op onbenullige sake konsentreer, nie die verlangde ontdekking maak nie en selfs iets 'ontdek' wat nie waar is nie. Sonder onderrig en leiding verkry kinders nie 'n geïntegreerde geheelbeeld nie, maar losstaande brokkies inligting wat vir hulle dalk interessant is, maar wat oor min waarde as intellektuele kapitaal vir hoëdenkvermoëns en verdere leer beskik.

Agt, in UGO moet self-aktiwiteit deur heterogeen-bekwaamheidsgroepe uitgevoer word. Akademiese standarde moet dan afgewater word om by die vermoëns van die swakste lid van die groep te pas. **Dit waarborg die verveeldheid van die slimmes.** Indien standarde nie afgewater word nie, sal die slim kinders al die werk doen en die swak kinders sal bitter min leer, dalk niks nie. **Dit waarborg die frustrasie van die swak kinders.** Bowendien, as die swak kinders nie individuele remediërende hulp kry - van 'n remediërende onderwyser/es of 'n arbeidsterapeut - is die moontlikheid groot dat hulle aan die einde van hulle Skoolloopbaan funksioneel ongeletterd is. Groepwerk maak dit baie moeilik vir die onderwyser/es om individuele leerprobleme raak te sien.

Nege, hoër denkvermoëns, soos kritiese en onafhanklike denke en probleem-oplossing, is nie abstrakte, vak- en kennis-ongebonde strategieë wat aangeleer en dan in enige vak en/of lewenssituasie aangewend kan word nie. **Navorsing, sowel as mens se gesonde verstand, wys daarop dat die persoon wat krities en probleem-oplossend dink sonder uitsondering die persoon is wat oor kennis oor die tersaaklike saak beskik.** Die splitsing tussen kennisgesentreerde en kindgesentreerde onderwys lei tot niks anders as die versuim om kinders die nodige vakkennis te leer waarop hoër denkvermoëns berus. Dit, om die minste te sê, is nie onderwys wat die belange van die kind voorop stel

nie. Kennis - dit wat progressiewe onderwys en UGO minag - is die ware intellektuele gereedskap vir hoër denkvermoëns. Dit is ook kennis wat die dors na meer kennis en dus lewenslange leer ontwikkel.

Tien, vir Christene is dit besonder belangrik dat kennis hoog geag word. Die tydsgees van vandag is anti-intellektueel. **'n Kenmerk van ons postmoderne tyd is die minagting van die intellek en die verheerliking van die gevoelens. Daar word nie meer gevra 'Wat dink jy oor 'n bepaalde saak?' nie, maar 'Wat voel jy oor 'n bepaalde saak?' Die mees ernstige gevolg hiervan is dat baie mense min ken en min omgee oor wat die Bybel werklik sê.** In Christenskole moet Bybelkennis en ware Skrifgetroue interpretasie hoog geag word. Die dors na die waarheid, ware kennis, moet egter in alle vakke gekweek word. Alle vakkennis moet hoog geag word; kinders sal nie korrekte kennis in hulle geloofslewe hoog ag as hulle nie geleer het om kennis en waarheid in alle lewensterreine en vakgebiede hoog te ag nie.

2.3 UGO, K2005 en sosiaal-ideologiese strewinge

Soos voorheen genoem, is progressiewe onderwys uitgedink deur humaniste, manne met geen geloof in God nie. Vir hulle was die staatsowerheid die hoogste gesag en die demokratiese staatsgemeenskap die ruimte waarbinne die individu sy menswees verwesenlik. **Volgens hierdie siening dien opvoeding en onderwys nie die eer van God nie, maar het die messiaanse taak om die samelewing tot volmaaktheid te bring. Alle sosiale euwels sou oorwin word as 'n volmaak gesosialiseerde burgery in skole gekweek word.** Progressiewe onderwys is dus ontwerp as middel tot sosiale manipulasie (*social engineering*) om daarmee die veronderstelde messiaanse taak van die onderwys te volbring. Ten spyte van die retoriek oor die omsiening na die behoeftes van die kind en die ontwikkeling van sy/haar potensiaal, is dit die belange van die samelewing en die staat as hoogste gesag wat die vorm van die samelewing bepaal, wat progressiewe onderwys en UGO eintlik dien.

UGO is die ideale weg om ideologiese strewinge van onderwysbeplanners te verwesenlik omdat dit juis as middel tot sosiale transformasie ontwikkel is. UGO wentel om wat die kind moet wees, nie om wat die kind moet weet nie. Die vraag na die inskerp van waardes en gesindhede verleen kragtige sosiale omvormingspotensiaal aan UGO, veral omdat dit binne groepsverband moet geskied. Die kind se waardes en gesindhede - sy lewensoriëntering - moet as deel van 'n groep gevorm en omvorm word. Die kind leer dus om homself nie werklik as individu te gewaar nie, maar as lid van 'n groep wie se aanvaarding as lid geleë is in sy/haar gewilligheid om saam te gaan met die groep en die waardes van die groep. Die gevolg hiervan is die vorming van algehele konformiste - mense wat blindelings met aanvaarde idees saamgesleur word en ondenkend die idees van andersdenkers verwerp.

In UGO dien waardes en gesindhede as kriteria vir die verwerping van skoolsertifikate. K2005, veral die hersiene weergawe, verwoord die waardes en gesindhede wat die staat as voorvereiste beskou om 'n regverdige, onbevooroordeelde en demokratiese (*just, equitable and democratic*) samelewing daar te stel. Dié waardes en gesindhede is in 'n humanistiese menseregte kultuur gegrond. Die allesomvattende doel van die onderwys is om die kind te vorm en omvorm tot die tipe persoon wat aan die staat se kriteria vir ideale menswees voldoen. Alles wat die

kind doen en leer op skool is derhalwe op die bereiking van die voorgeskrewe affektiewe en gedragsuitkomstegemik, en die kind se bereiking van dié uitkomst moet deurgaans geëvalueer/asseeser word. Die kind se denke moet in 'n spesifieke rigting deur die onderwyser/es gelei word en die korrektheid van dié rigting mag nie bevraagteken word nie. Hier is geen sprake van die kweking van ware kritiese denkers nie, d.i. mense wie waarheid eerder as meerderheidsopinie dien en wie die moed het om teen meerderheidsopinie in te gaan. Inteendeel 'n volkome gesosialiseerde burgersy word grootgemaak wat dieselfde sake ondersteun en veroordeel. Hierdie is in werklikheid indoktrinasië en nie opvoeding nie.

K2005 is natuurlik verkeerd omdat die staat se voorgeskrewe waardes en gesindhede onbybels is - mensgesentreerd en nie Godgesentreerd nie. Dit sou egter steeds verkeerd wees al sou Christelike waardes en gesindhede voorgeskryf word. Indoktrinasië het geen plek in Christelike opvoeding en -onderwys nie. God het die mens vryheid gegee, selfs om Sy waardes- Sy Wil - te aanvaar of te verwerp. God skryf nie voor nie, Hy beheer nie en Hy dwing nie Sy Wil af nie. God vra dat kinders in Sy Woord onderrig word. Hy vra nie indoktrinasië nie. Die gevolg van indoktrinasië is fanatisme en haat - haat vir die vyand, en die vyand sluit almal in wat nie dieselfde oortuiging deel nie.

Geen skool, ook nie 'n Christenskool, mag die werwing van skoolsertifikate aan waardes en gesindhede koppel nie. Die kind se aanvaarding van waardes en gesindhede is altyd slegs 'n hoop; dit mag nooit 'n skoolverlatingsvereiste wees nie. In Christenskole word daar na die aanvaarding van die Evangelie en Christenwaardes gestreef, maar die skool behoort slegs kennis van die Bybel en Christenleerstellings te eksamineer. Aanvaarding van die Evangelie en Christenleerstellings is die vereistes waaraan persone moet voldoen vir kerklidmaatskap, nie vir 'n skoolsertifikaat nie.

3 TER AFSLUITING

UGO is nie 'n neutrale onderwysmetode, wat aanvaarbaar vir Christene gemaak kan word deur K2005 se uitkomst met Christeninhoud in te kleur nie. As onderwysmetode berus UGO op 'n miskenning van die ware aard van kindwees en van intellektuele leer en hoër denkvermoëns. Valse grondbeginsels wat nie met die werklikheid ooreenstem nie, kan nooit in die werklike lewe sukses oplewer nie. UGO is in wese 'n strategie om kinders se waardes en gesindhede na wense te vorm, maar op 'n wyse wat onversoenbaar met die Bybel is, al word daar na Christelike waardes en gesindhede gestrewe.



Mik na Christelike Onderwys, maar berus gelate in Onderwys deur Christene ...

In die *Christian Scholars Review* (XXX11:2, Winter 2003) verskyn op bladsye 203 tot 223 'n baie insiggewende artikel deur John E. Hull. Hy is verbonde aan die Departement Opvoedkunde van die King's University College in die VSA.

In sy artikel onderskei Hull skerp tussen Christelike onderwys en Christene wat onderwys. Hy toon aan dat die onderskeidende aard – die rede waarom hulle “anders” wil wees – wat in die missiestelling gestel word, dikwels gladnie in die onderwys-

praktyk teruggevind kan word nie. Hy ondersoek twee moontlike redes vir hierdie kloof van skeiding: daar kan kragtige hindernisse in die pad staan, of daar kan 'n baie verdwaalde begrip bestaan van die Bybelse model van onderwys. Nadat hy aandag gegee het aan die mees algemene omskrywings en opvattinge van wat Christelike onderwys is, uit 'n magdom boeke wat al geskryf is oor die onderwerp van die hervorming van skole, kom hy tot die slotsom dat Christelike skoolonderwys gekniehalter word. Dit stuit op

verdraaide opvattinge en skewe gedagtes enersyds, en andersyds op 'n weerstandige en onbuigsame onderwys-denkpatoon.

Hul sluit af met 'n ondubbelsinnige toesegging van sy steun aan 'n duidelik onderskeie Christelike Onderwys, wat uitdrukking vind in vyf sleutelareas van skoolwees.

Lesers wat graag hierdie puik artikel wil bekom, kan dit van ons kantoor af bestel teen duplisering- en versendingskoste – R5.00 per kopie.



Wat moet 'n Christen vandag nog glo?

- Dr L Hoffman

Briewe in die dagblaai maak dit duidelik dat daar by sommige mense al hoe meer onduidelikheid oor sekere sake is. Een hiervan is die vrae by sommige christene oor sake van hulle geloof. In aansluiting hierby het die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat 'n teologiese dag gehou met die tema: Wat moet 'n Christen vandag nog glo?

Prof Sakkie Spangenberg het die dag ingelei met 'n referaat getiteld: "Wat moet ons weet en wat kan ons nog glo?" Prof Spangenberg is een van die eksponente van die sogenaamde "Nuwe Hervorming". Die gedagtes van hierdie beweging is egter glad nie so nuut soos die benaming wil aandui nie.

Met aanhalings uit 'n dagblad van 1880 "De Onderzoeker", toon ds Jan Lubbe dat dieselfde gedagtestrominge wat tans onder die "Nuwe Hervorming" kop uitsteek, reeds in genoemde blad gelug word.

Wat moet 'n Christen vandag nog glo? Die kort antwoord is: Glo dat die Bybel die Woord van God is en glo wat in die Bybel staan, soos wat die VCHO ook as grondslag bely. Die ander sprekers op die Teologiese dag het 'n paar kos-


baarhede waaraan die gelowige kan en moet vashou, uitgewys.

God as Skepper en Voorsiener en Jesus Christus as Verlosser en Opgestane Heer, vorm die kern van dit wat ons kan en moet glo. Dr Brand Doubell wys daarop dat mense wat nie glo dat Jesus die Enigste Seun van God is wat letterlik uit die dood opgestaan het nie, glo nie op grond van klinklare bewyse van die teendeel nie. Hulle glo/glo nie op grond van filosofiese en hermeneutiese voorveronderstellings wat hulle self kies.

Die Christen het ook belangrike dinge om te glo oor die toekoms. Die boek Openbaring getuig dat die Here die toekoms in Sy hande hou, dat Hy eendag weer kom. Dr Andries Hoffman sluit sy bydrae af met die volgende woorde: "Kom ons gaan lees nou die Bybel, ook Openbaring en Hebreërs, nie net om te verstaan wat ons toekomsverwachting moet wees nie, maar om deur Woord en Gees so beweeg te word dat ons daadwerklik getuies word, in die wêreld, in die nuwe Suid-Afrika, in Afrika - want ook op Afrika plaas die engel met die reënboog sy voet (vgl Openbaring.10: 1,2)."

Die waarnemende dekaan van die Fakulteit Teologie, prof Hermie van Zyl, het afgesluit met 'n persoonlike verantwoording rakende die tema van die dag: "Wat moet ons as Christene nog glo?" Die gelowige glo in God wat transendent is, dus verhewe bo Sy skepping, maar tog is Hy ook 'n persoonlike God wat Homself openbaar.

Die feit dat Hy Homself openbaar, dat die Bybel hierdie openbaringsboek oor God is, is van onskatbare belang vir elke Christen. "Ons moet aanvaar dat deur Openbaring 'n werklikheid geopen word wat, enerzijds, onbekend vir die mens sou gebly het as dit nie vir die openbaringsmoment was nie, en, anderszijds, wat noodsaaklik is vir sinvolle menslike bestaan."

Wat moet 'n Christen vandag nog glo? Sondae word die Apostoliese Geloofsbelydenis in gemeentes afgelê. Dit is wat 'n Christen glo, dit is waarvolgens 'n gelowige leef en beplan - want dit word getuig deur die Lewende God in Sy Lewende Woord. En dit maak menslike bestaan sinvol. 

ONS LESERS SÊ....

'n Leser van die Wes-Rand skryf ondermeer:

"Ek kan ongelukkig nie roem oor jarelange verbintenis met VCHO nie, maar die enkele jare wat ek tog lid van die VCHO is, was vir my 'n aansporing vir my daaglikse geestelike belewenis asook my standpunte oor verhoudings met die kerk en die mens.

Ek dink die standpunte wat in *Roeping en Riglyne* verskyn is uiters geldig en soveel te meer in die tyd waarin ons vandag lewe. Ek het sedert my lidwording almeer besef dat die inligting oor verskeie sake wat in *Roeping en Riglyne* verskyn, ook my siening is. Nie noodwendig omdat ek 'n sekere siening oor sekere onderwerpe het nie, maar dat die redenasie, vertolking en leiding in u tydskrif geldig is.

Dit is veral geldig as ons kyk na die samelewing waarin ons vandag leef en veral in Suid-Afrika. Die sake wat u in u tydskrif aanspreek en bespreek, is juis die gevolge van ongelowige en dwase besluite wat in hierdie land geneem is. Ons sien die gevolge in kerk, staat en in die daaglikse gang van die lewe.

Ek het my al telkemale oor vele aspekte in die pers en op die internet uitgespreek van wat ek vertolk as boos. Ja. selfs in die Kerkbode. Daardie standpunte is na my mening nooit in die pers gepubliseer nie en die rede daarvoor is skynbaar dat niks die liberale siening mag teenstaan nie.


Dalk het dit tyd geword dat die VCHO se stem al harder moet klink om die ouers wakker te laat skrik.

Dankie vir die VCHO se werk, sy belydenis en die Christelike grondslag waarop hy funksioneer. Mag u, die redaksie en u hoofbestuur geseën wees om u Godsgerigte standpunt met oortuiging uit te dra."

'n Leser van Verwoerddam deel ons die volgende mee:

"Die werk en toewyding wat u u mee besig hou m.b.t. kinders gaan nie ongesiens verby nie. U, en usulkes hou in die palm van u hand die toekoms van die Afrikaner in ons land. Doe so voort."

Vanuit Summerstrand, PE:

"Thank you very much for so faithfully sending us the VCHO Magazine. I find so many interesting articles, and pass it on regularly to friends." 

Beïnvloed vandag die dag van môre?

- dr. L. Hoffman

Oor die toekoms is daar verskillende standpunte. Sommige vra: Wat gaan van ons wêreld word? Ander is blindweg optimisties en sê dit kan net beter gaan. Daar is net een manier waarop die toekoms op iets goeds kan uitloop. Daar is net een manier hoe mense vir 'n goeie toekoms voorberei kan word. Ons vind dit onder andere in Psalm 78.

Daar is 'n paar verrassende punte in hierdie psalm.

Wetgewing gaan nie noodwendig die toekoms positief kan beïnvloed nie. So ook is 'n groeiende ekonomie nie die waarborg vir 'n mooi toekoms nie.

Die Here verander die dag van môre deur vandag se verbondsmense. Psalm 78 praat met elke verbondsouer, elke onderwyser en kategeet, elkeen wat met die jeug van vandag werk. Die verrassende is dat die Here gewone mense gebruik om die toekoms in iets goeds te verander.

Die ander verrassende is hoe die Here gewone mense gebruik. In

vers 4 staan: "Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dae van die Here en van Sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het."


Die Here gebruik mense se woorde oor Hom, om die toekoms in iets goeds te verander. Psalm 78 is vol van die wonderlike dinge wat die Here al gedoen het. Die Here wil hê mense moet weet Hy is Betroubaar, Almagtig en Genadig. Dit leer hulle uit Sy dae.

Dit is waaroor verbondsmense met kinders en jongmense moet praat. Skep bewondering vir God by die jongmens. Laat hulle agterkom God is 'n werklikheid. Vertel ook van eie ervarings van die Here se dae in 'n mens se lewe.

Die Psalm herinner verbondsmense om te praat en leef volgens wat die Here doen en sê. Vers 5 verwys na Sy voorskrifte wat oorgedra moet word, wat ook voor geleef moet word aan kinders en jongmense. Om op hierdie manier te praat en te leef, is om die toekoms positief te beïnvloed.

Die gevolge van verbondsmense wat Psalm 78 gehoorsaam, strek tot in die volgende geslagte. 'n Belofte word aan hierdie opdrag gekoppel: "So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het (vers 7)."

Kinders en jongmense wat nou reeds so onder die Here se invloed kom, kan met Sy krag werk aan 'n pragtige toekoms. Vertrou in Hom gee hulle waagmoed. Kennis van dit wat Hy al gedoen het, gee 'n visie op dit wat Hy nog kan doen. Dit alles sal sigbaar word in 'n lewe wat anders is as wat die samelewing dalk voorskryf, maar 'n lewe wat 'n verskil maak aan die wêreld om hulle.

Die verbondsmens het die voorreg en verantwoordelikheid om vandag reeds die dag van môre in die regte rigting te stuur. Die Here gebruik Sy kinders se woorde en dae om die kind en jongmens van vandag se lewe aan te raak sodat ook die toekoms sal getuig van die Here se dae. 

Dink nog 'n keer –

Op 6 Oktober 2002 het 'n Parlements lid, Cheryllyn Dudley, in Kaapstad 'n kort toespraak gehou waarin sy ondermeer gesê het: Vir elke dollar wat Suid-Afrika binnekom vir "volgehoue ontwikkeling", word 82c (dus 82%) bestee aan aborsie en kontrasepsie / geboortebeperkings-middele".

Africa Christian Action

?????

Per definisie kan prostitusie nie die oudste beroep wees, soos wat meermale beweerd word nie. Omdat betaling deel uitmaak van die ooreenkoms, moet daar eers geld gegeneer word – wat die landbou en handelsektore die voorrang gee.

Africa Christian Action

ONS PRIESTER AMP

Jy is 'n priester, jy. Jou voorreg trots Om rooi lig uit Gods heiligdom te haal

Die koers te wys vir diè wat soms dwaal

Jy, woekeraar met woorde
Gunsteling Gods.

- Ingestuur



Leer weer lees!!

- Prof J J Pienaar in Die Boodskapper.

Waarom is lees belangrik? Teen die agtergrond van veral die televisie is dié vraag van lewensbelang.

Die elektroniese media het baie voordele en ons maak dankbaar daarvan gebruik. Maar om feitlik sonder uitsondering aan die televisie uitgelewer te wees vir inligting en vermaak, hou nadele in waarvan ons kennis moet neem – en wat ons opnuut ons leeskuil met ope arms moet laat verwelkom.

- Lees 'n mens, gaan jy teen jou eie tempo en intensiteit met die inligting om. Jy het die beheer. Jy kan dus oorweeg, **krities beoordeel**, aanvaar en verwerp. Televisieskote se gemiddelde duur is 3.5 sekonde. Inligting word só vinnig geflits en onttrek dat beoordeling feitlik onmoontlik word. Jou onderbewuste word dus as't ware verplig om die inligting ongesif op te neem.
- Jou **aandagspan** word hierdeur ingrypend geraak. In die 17e eeu, toe die gesproke woord die belangrikste

inligtingsmedium was, kon mense met gemak tot drie uur lank op 'n toespraak konsentreer. Tans word bereken dat die aandagspan van tieners 20 minute is! 'n Mens kan vermoed dat die TV iets daarmee te doen sal hê omdat inligting "op 'n skinkbord" gebied word en geen inspanning van die ontvanger verg nie. Jou **verbeelding** word daardeur geraak. Wie met aandag luister of lees, moet voortdurend vir homself beelde of voorstellings vorm. Die TV bied dit vir hom op 'n skinkbord! Die TV-slaaf raak lui en verloor die vermoë om kreatief self te dink *Inspanning* raak uit; *ontspanning* in. Slegs vermaak is aanvaarbaar. Ons raak lui om krities en kreatief te lees. Ons staan alreeds bekend as 'n *verbruikersamelewing*; ons leef van wat vir ons aangebied word; en almeer wil ons vermaak en geleef word – in plaas van dit self te doen.

- Só word ons **slawe!** Bogenoemde maak van die T V 'n uitstekende *propogandamiddel*. Voeg daarby die vermoë om beeldmateriaal vanuit 'n enkele, geselekteerde gesigshoek

weer te gee (bv. die afgryse op die gesig van 'n omstander tydens 'n polisie-klopjag), en dié beeld bly in die kyker se gemoed steek – nie die feitlike, logiese samehang van die gebeure (bv. rede waarom klopjag uitgevoer is) nie. So word 'n persepsie geskep om daarmee die kyker se opvatting, en uiteindelik sy optrede, met gemak te manipuleer. (Kyk ook maar krities na die advertensies!) Daarom is die **beheer** oor alle inligtingsmedia deurslaggewend belangrik. Wie bepaal watter soort inligting word per TV gestuur en watter persepsie dit moet laat? Lewer ons ons en ons kinders hieraan uit, maak ons ons willige slawe op die inligtingsmark!

Leer dus weer lees - krities en kreatief! Die opoffering is die moeite werd. Neem asseblief u kinders mee. Hulle vryheid is op die spel. Lees vir hulle voor. Lees saam met hulle. Stig leeskringe. Bekom stof wat 'n *uitdaging* aan u stel . . . Maar wees ook kieskeurig oor wat u en u kinders lees - waarvoor u u gees oopstel. Dit word krities-belangrik in ons dag.



Aanslag op die voortbestaan van 'n volk

- Ds G van Heerden

Ds van Heerden is 'n lid van die Hoofbestuur van die VCHO.

Meegaande artikel was gepubliseer in Bybel en Volk. Oorgeneem met dank met dank. -Redakteur

Die aanslag op 'n volk kan baie fasette hê. Dit kan op baie fronte geloods word. Hier is net 'n paar wat ons in Suid-Afrika kan identifiseer.

"Regstellende" aksie:

Die Afrikaners in Suid-Afrika is besig om te verarm. Daar is natuurlik baie met wie dit finansieel goed gaan, baie wat vooruit woeker en selfs meer voorspoed beleef onder die huidige bedeling as onder die oue. Dis dikwels te danke aan vindingrykheid en intrepreneursvaardigheid.

Deur "regstellende" aksie het baie Afrikaners egter verloor en sukkel baie om, ten spyte van bekwaamhede, billike werk te kry. Hier vind dikwels, nee deurentyd, diskriminasie plaas en rassisme in sy naakte werklikheid floreer.

Diefstal:

Misdaad is buite beheer. Die huidige regering het nie die wil, nog die vermoë, om dit aan bande te lê. Diefstal is alledaags, daarom is assuransiepremies hemelhoog.

Veral die middelklas verloor daagliks – en dit is waar 'n groot persentasie Afrikaners hulle bevind – verloor meer as wat hulle kan bekostig. Ja, soveel dat dit hulle lewenstandaard beïnvloed.

Eiendomsreg:

Die gebrek aan eerbied vir die eiendom van mense, veral wit mense in Suid-Afrika, laat die beeld van Zimbabwe en die fiasko aldaar, onmiddellik by 'n mens opkom. Hier is ook beslaglegging, of noem dit besetting, aan die gang – maar nie so dat almal dit agterkom nie.

Moord:

Die sistematiese, skynbaar goed beplande moord op Boere in Suid-Afrika toon die beeld van 'n aanslag op die volk, want dit eis soveel slagoffers as aan enige kant in die Midde-Oosterse konflik.

Taal:

Almal wat 'n taal praat, behoort nie noodwendig aan dieselfde volk nie, maar almal wat aan 'n volk behoort, het 'n primêre taal. Ten spyte van verskansings in die grondwet van 1994 is die aanslag op Afrikaners en die miskenning en verontregting van ons taal aan die orde van die dag. Dit is klaarblyklik 'n poging om ons wat deur hierdie moedertaal gebind word, se samehorigheid te ondermyn.

Wat 'n tragedie dat party mense nou selfs kies om on-Afrikaans te word!

Hulle dink dis tot die voordeel van hulle kinders om eerder wêreldburgers met 'n passende taal te word. Die tragedie is dat finansiële toegang en voorspoed nog nooit armoede en kulturele verlies kon uitkanseller nie.

Een ding is duidelik: daar is 'n aanslag op ons voortbestaan op verskeie terreine en die eerste stap om dit teen te staan, is om dit raak te sien!

Verdraagsaamheid in die openbare skole!

Kan daar dan iets mee verkeerd wees?

- J J Pienaar

(’n Voordrag gelewer in Pretoia is ook opgeneem in Die Boodskapper. Hier geplaas met erkenning.)

DIE POSISIE VANDAG IN DIE OPENBARE SKOLE

Die openbare skole is vandag “oop skole” wat beteken dat enige kind, sogenaamde leerder, tot enige skool toegang het. Daar bestaan vandag in die openbare skole geen moontlikheid om enige kind toegang tot die skool te weier op grond van geloof, ras, kleur, geslag, ethos van die skool of wat ookal nie. Die gevolg van hierdie toedrag van sake is dat die meeste openbare skole, veral die dubbelmediumskole, met leerlinge sit wat uit absoluut uiteenlopende kultuuragtergronde kom. In dieselfde klas word leerlinge gevind wat Moslems, Hindu’s, Voorvadergeesaanbidders, ongelowiges en selfs Christene mag wees. Die kans dat daar konflik: taal-, geloof, of kultuurbotsings kan plaasvind, is derhalwe goed.

Op ’n manier moet daar baie ernstig gepoog word om die vrede te bewaar en dit is waar verdraagsaamheid (“tolerance”) ter sprake kom. Deur aan kinders verdraagsaamheid te leer, moet die moontlikheid van konflik en botsings dus geminimaliseer word.

Dit is belangrik om te onthou dat rassekonflik en rassespanning en veral die moontlikheid om van rassisme beskuldig te word, elke hoof en sy personeel met angs vervul. As die televisie en ander media op ’n skool waar rassebotsings plaasvind, toeslaan, soos talle kere al gebeur het, dan word dié hoof en sy personeel, asook die ouers, verinne-weer, gestigmatiseer en aan die kaak gestel. **Elke skool vrees ’n onaangename insident en beskou “tolerance education” as die oplossing.** Deur die kinders verdraagsaamheid te leer, sal hulle daartoe kom om mekaar te verdra, al is daar ook geloofs- en kultuurverskille. Per slot van rekening, so argumenteer baie ouers en onderwysers, wat kan

dan tog met die mooi gedagte van **verdraagsaamheid** verkeerd wees? Dit is juis hier waar die knoop lê en waarvoor hierdie gesprek handel.

WAAR KOM “TOLERANCE EDUCATION” VANDAAN?

So met die eerste oogopslag mag dit lyk of daar met verdraagsaamheid in die onderwys niks verkeerd is nie en so dink die meeste ouers en onderwysers ook. Wanneer daar egter dieper op die saak ingegaan word, ontvou ’n ander prentjie hom wat “tolerance education” betref.

KADER ASMAL SE “VALUES, EDUCATION AND DEMOCRACY”

Daar kan ongelukkig nie op bogenoemde verslag as sodanig ingegaan word nie, omdat ruimte ontbreek. Korthedshalwe kan gesê word dat hierdie verslag oor waardes handel wat onder andere **verdraagsaamheid** insluit. Wat die waarde van verdraagsaamheid betref, word die volgende in Asmal se dokument bepaal:

1. Die skole moet gedwing word om weg te beweeg van die sogenaamde “apartheidsonderwys”. Daar moet in die nuwe bedeling ’n **inklusiewe benadering** gevolg word (“...the educational philosophy of our democracy should emphasize inclusiveness” – p 11).

In ’n tabel word die inklusiewe aard van skole uiteengesit. In 1997 was daar byvoorbeeld 28% van die skole wat leerlinge van meer as een bevolkingsgroep geakkomodeer het. Vandag is dit ’n veel groter persentasie en dit moet baie sterk aangemoedig word deur onder andere weg te doen met moedertaalskole, veral Afrikaansmediumskole.

2. Daar moet nie ’n oppervlakkige betekenis aan verdraagsaamheid toegeken word nie, maar

daar moet eerder ’n **diepgaande liefde** en respek vir die ander kulture by die kind tuisgebring word. **Elke kind moet dus deur verdraagsaamheid ’n grondige respek en liefde vir die ander gelowe, kulture en gebruike aangeleer word.** Dit is hier waar die woord “**Ubuntu**” hierdie gees van respek en wedersydse liefde die beste uitdruk (p.22).

3. Die vak Geskiedenis moet veral aangewend word om hierdie waarde van verdraagsaamheid tuis te bring.

3.1 Geskiedenis is ’n omvattende vak en kan op baie maniere aangebied word. Die belangrikste benadering, volgens Asmal, is wat bekend staan as “Global History”. **Die kind moet nie soseer sy of haar eie geskiedenis geleer word nie, maar eerder om in te pas en aan te pas by die wêreldgeskiedenis omdat van die kind ’n wêreldburger gemaak moet word.**

3.2 In die vak Geskiedenis moet daar baie meer klem gelê word op die evolusie van die mens. Die mite omtrent rasseverskille moet afgebreek word, want alle mense is gelyk, so word beweer, en is op pad na menslike volkomeheid waar God nie meer nodig is nie.

3.3 Deur die vak Geskiedenis moet daar meer waardering gekweek word vir die mense van Afrika en Asië. (Onlangs is daar melding gemaak van ’n kaart wat sou aantoon dat die Asiërs voor die Europeërs – Jan van Riebeeck – hierdie vasteland betrek het.) **Deur**

- blaai om

verdraagsaamheid moet die kinders gehelp word om 'n nuwe openheid en affiniteit vir die Afrikane te ontwikkel.

- 3.4 Die kinders moet geleer word hoedat menseregte in die apartheidsverlede vertrap en misken is. Die "wonderlike" werk wat deur die *Truth and Reconciliation Commission* gedoen is om menseregte te herstel, moet aan die kinders geleer word. Daar moet ook baie streng teen mense opgetree word wat die "holocaust" ontken en wegredeneer (p.24). (Daar word seker maar na die sogenaamde Joodse holocaust verwys).
- 3.5 Die Departement van Onderwys moet geskiedkundiges op panele aanstel om toe sien dat die **evolusie van die mens** doelmatig in skole onderrig word. Volgens Asmal bied Curriculum 2005 ruim geleentheid daarvoor.
- 3.6 Ook die aktiwiteit buite die klaskamer moet bydra om **verdraagsaamheid** by die leerlinge tuis te bring. So byvoorbeeld moet die dans (reëndans), musiek, die Afrikakuns gepromoveer word. Asmal sê: "A multicultural approach to the arts ought to be actively developed." (p.25)
- 3.7 Sport is, volgens Asmal, 'n baie belangrike veld waarin verdraagsaamheid bevorder kan word. Die doel met sport, veral spansport, moet wees "to unite people across traditional barriers." (p.26)
- 3.8 Die belangrikste manier waarop **verdraagsaamheid** bevorder kan word, is om baie streng teen enige vorm van diskriminasie op te tree. Daar moet veral getel word op die verskuilde diskriminasie op grond van kultuurverskille. So byvoorbeeld, beweer Asmal, word ontgroening by skole gebruik om teen sekere leer-

linge te diskrimineer en moet die Onderwysdepartement baie streng daarteen optree.

In die dokument "Manifesto on values, education and democracy" vind ons die volgende: "It is out of the Equality Clause in the Constitution that the values of tolerance and respect for others stem".(p14)

'n Belangrike feit om in gedagte te hou, is dat die 'Manifesto' amptelike status verkry het met die verskyning van die Staatskoerant No 23406 van 31 Mei 2002 waar die Hersiende Kurrikulum as die Kurrikulum vir die land aanvaar is en die waardes van die 'Manifesto' as die waardes van die Kurrikulum verklaar is. (p.15-17)

DIE VERENIGDE NASIES SE "DECLARATION OF PRINCIPLES ON TOLERANCE"

Op die vraag: Waar kom "tolerance education" vandaan, kan gedink word dat Kader Asmal die skepper daarvan is. **Dit moet egter nooit vergeet word nie dat daar hoër ordes is wat die minister, maar ook die huidige bewind van opdragte voorsien.**

Verdraagsaamheid in die onderwys is hoegenaamd nie die breinkind van Kader Asmal nie, want hy is maar net die handlanger en ywerige medewerker van die Verenigde Nasies se UNESCO-arm (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation).

Die bogenoemde dokument wat deur UNESCO saamgestel is, het die lig gesien op 16 November 1995 en verskaf die riglyne vir die sogenaamde "tolerance education". Op sy beurt is die idee van "tolerance education" ook opgeneem in die Deklarasie van Menseregte (Universal Declaration of Human Rights). Artikel 26 van hierdie deklarasie lees soos volg: "... Education should promote understanding, **tolerance** and friendship among all nations, racial or religious groups".

Onderwys is lankal nie meer dit wat ouers en onderwysers dink dit is nie, maar 'n baie belangrike instrument om die globalistiese eenheidswêreld te voltrek waarin verdraagsaamheid 'n baie belangrike rol speel. Vir hierdie doel het onderwys 'n nuwe betekenis gekry en word gepraat van *Human*

Rights Education, Peace Education, Education for Tolerance, ens.

WAT IS DIE DOEL MET "TOLERANCE EDUCATION"?

In die meergenoemde dokument *Declaration of Principles on Tolerance* word baie duidelik uiteengesit wat met verdraagsaamheid in die onderwys bereik moet word, nl.

1. Deur verdraagsaamheid aan kinders te leer, moet die gees van vrede bevorder word sodat oorlog en die aaklikge gevolge daarvan voorkom kan word. "Tolerance, the virtue that makes peace possible, contributes to the replacement of the culture of war by a culture of peace" (p.3). **Wêreldvrede is dus die uiteindelijke doel van verdraagsaamheid tussen individue, volke en groepe.**
2. Verdraagsaamheid is die voedingsaar van die beginsel van menseregte. Sonder verdraagsaamheid kan die mense-regtehandeling nie vorder en ontwikkel nie. Die grootste gevaar vir vrede en menseregte is onverdraagsaamheid. Dit is 'n "global threat" (p 4).
3. Die belang van **verdraagsaamheid** in die onderwys is so groot dat nuwe onderrigmetodes aangewend moet word om die probleme wat deur sosiale en kulturele verskille, politieke en godsdienstige vooroordele en onverdraagsaamheid ontstaan, die hoof te bied.
4. Die media, veral die televisie, moet aangewend word om ook langs die weg van die informele onderwys te probeer om alle vorme van onverdraagsaamheid uit die weg te ruim.

VERDRAAGSAAM OF ABSOLUUT ONVERDRAAGSAAM?

Uit die kort berenedering van "tolerance education" is dit baie duidelik wat daarmee beoog word. **Soos met so baie ander begrippe o.a. vrede, geregtigheid en demokrasie kry ook dié woord 'n totaal nuwe betekenis.**

Daar moet goed verstaan word dat al die godsdienste deur die implementering van verdraag-

saamheid in harmonie met mekaar gebring moet word. Daar word in Amerika gepraat van “the wheel of understanding”. Die verskillende speke van die wiel verteenwoordig die verskillende godsdienste en al die godsdienste (speke) saam vorm die wiel van verstandhouding.

Nou is daar internasionale instrumente geskep, behalwe “tolerance education”, wat moet toesien dat hierdie godsdienste afgefoerseer word. Een van die deklarasies is die “*Declaration on the Elimination of all Forms of Intolerance based on Religion or Belief*”. Alle onverdraagsaamheid teenoor hierdie godsdiensteintegrasie, godsdienste gelykstelling en godsdiensteinteraksie moet met wortel en tak uitgeroei word.

Dit is vir elke geesvervulde kind van die Here baie duidelik wat hier aan die gebeur is. **Al die godsdienste, al die wêreldgodsdienste en al die afgodsdienste is maar te gewillig om speke in dié eenheidswiel te word, behalwe een geloofsge-meenskap wat verbied word om aan dié inklusiewe gees deel te neem.** Die Wet van dié God verbied hierdie godsdienste sinkretisme:

“Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; ...”

“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.” (Hand.4:12)

Kan u u voorstel in watter onbeny-enswaardige posisie die Christen-kind in die sinkretistiese klaskamer verkeer? Van so ’n kind word verwag om die reëndans te ere van die voorvadergeeste uit te voer, maar van die eie God mag nie gepraat word nie, **omdat hierdie God van-weë sy eksklusiewe aard aanstoot aan die ander godsdienste gee omdat die enigste ware geloof nie afgode erken nie.**

Kan u sien hoe is die antichris besig om die ware Christelike godsdienste by die agterdeur uit te rangeer onder die mooi en aanvaarbare voorwendsel van **verdraagsaamheid**?

Kan u verstaan waarom Asmal en sy geesgenote die Integrasieskole promoveer en propageer? Die antwoord is eenvoudig: om die Christen-kind van sy wortels los te kry; doelbewus so beplan.

Kan u sien en verstaan waarom die vreeslike bemoeienis met **verdraagsaamheid** eintlik in die kankerkamers van die VN uitgedink word **om absolute onverdraagsaamheid teenoor die ware en enigste God in werking te stel.**

Kan u sien dat die groot verdrukking, wat voor die deur is, uit hierdie oorde kom! Menseregte, inklusiewe godsdienste regte wat bekende woorde met nuwe inhoud vul om sodoende die dom en oningeligte gelowige oor die afgrond van godsdienste gelykstelling te stoot. **Dit lyk so aanvaarbaar, so regverdig, want waarom moet een godsdienste nou die alleenreg op onvervalsheid kry?**

Kan u verstaan waarom daar so teen afsonderlikheid, teen die handhawing van die eie identiteit, teen enige vorm van nasionalisme en eksklusiwiteit gekraai, geskreeu, geskryf en gediskrimineer word? Hoe durf iemand waag om die oprigting van die Nuwe Toring van Babel in die pad te staan!

Kan u sien wat die rol van die meeste media en veral die televisie in dié verband is? Deur vermenging, integrasie (veral in die skole) en verbastering moet die Christendom ondergeploeg word. Bernard Lazare het hierdie idee soos volg saamgevat: “The Jew is not satisfied with de-Christianizing, he Judaizes, he destroys Catholic or Protestant faith, he provokes indifference, but he imposes his idea of the word of morals, and of life upon those whose faith he ruins; he works at his age-old task, the annihilation of the religion of Christ.”

(L Antisemitisme, p 350)

Kan u sien dat baie ouers en onderwysers op dié sagte manier gebreinspoel en aan die slaap gesus word. Daar is dié valse profete wat vandag, op dié laat uur, nog steeds beweert en glo dat met die integrasie niks verkeerd is nie, dat Asmal met sy sinkretistiese benadering nie juis kwaad bedoel nie. Ons moet tog net nie oorreeger nie, nie te veel stof

opskop nie, want ons mag dalk aan die globaliste aanstoot gee, so redeneer die sogenaamde versoeners wat goed en kwaad, lig en duisternis met mekaar wil versoen. Hulle wil nie aan Asmal en die New Age-dissipels aanstoot gee nie, maar aan God Drie-enig mag maar aanstoot gegee word.

Het dit nie tyd geword dat ons ons kinders se nood raaksien nie? Of gaan ons hulle aan die moderne Molog offer net soos wat sommige in Oud-Israel deden het?

Ons moet net nie glo dat **verdraagsaamheid** die enigste misleidingsbegrip en misleidingsaksie in die huidige vertroebelde onderwysbestel is nie. Die tyd om suiwer, grondig en onvervals gelowig te dink, het aangebreek, want die skape word van die bokke geskei – of is ons so deur die massamedia gebreinspoel dat ons nie meer in staat is om die Waarheid te herken nie? 


CHRISTELIKE FUNDAMENTALISME

- Ds G van Heerden

- ❖ As verwerping van baie aspekte van Kurrikulum 2005 fundamentalisme is;
- ❖ As die versegging om ’n “globale reënboogmens” te word fundamentalisme is;
- ❖ As trots op jou afkoms fundamentalisme is;
- ❖ As gehoorsaamheid aan God Drie-enig, en aan Hom alleen fundamentalisme is;
- ❖ As die ononderhandelbare eis om godsdienstevryheid fundamentalisme is;
- ❖ As die verwerping van gewetensdwang ten opsigte van volk-skap en geloof fundamentalisme is;
- ❖ As weerstand teen die aanslag op ons volksiel, veral op ons kinders, fundamentalisme is;

Dan moet ons sekerlik aan die minister van onderwys van Suid-Afrika sê:

ONS IS CHRISTEN- FUNDAMENTALISTE!

Ons sal ons verset teen die godsdienstevermenging waaraan u ons kinders onderwerp! 

KONGRESBROKKIES

Lede van die Hoofbestuur wat die einde van 'n dienssiklus bereik het, en wat volgens die konstitusie moet uittree (aldrie is steeds herkiesbaar) is: Prof. A W G Raath, ons voorsitter, prof. P H Stoker, ons onder-voorsitter en dr. H J Smith. Die VCHO wil hierdie drie lede besonderlik bedank vir hulle volgehoue opofferings vir die saak van Christelike Onderwys, -Wetenskap en -Opvoeding in die breë. Ook 'n woord van hartlike dank aan hulle gesinne wat gesinstyd afgestaan het vir VCHO-belange.

Prof A W G Raath



Prof P H Stoker



Dr H J Smith



Prof J J Pienaar



Prof J J Pienaar het ook kennis gegee dat hy om gesondheidsredes wil uittree.

Kongres in Pretoria Saterdag, 12 April 2003

Koningskinders 20 jaar!

Op Saterdag, 23 November 2002, is daar 'n luisterryke verjaardagfees gehou by die Gereformeerde Kerk Carletonville. Dit was tegelyk die viering van 20 bestaansjare onder die Here se genadehand, en die in ontvangsneming van 'n skenking van nege hektaar pragtige grond, deur die Stigting Koningskinders onder leiding van ds L H Stavast. Die hartlikste gelukwense van die VCHO gaan aan dié besondere werksakker van die hemelse Koninkryk. Geloofsmoed, krag en ryke seën toegebid op al u arbeid.

In 'Die Kerkblad' van 20 November 2002 het ds Stavast die volgende kort historiese oorsig gegee:

“Op 25 November 1982 het my oorde eggenote en ek met twee klein, verdwaasde, met blou slaan-kolle-“getooide” en sigaretstompieverbrande seuntjies uit die hofsaaal pastorie toe gery. 'n Week later het ons nog drie verflenterde en vuil

kindertjies uit 'n bekende vakansieoord gaan haal, en nog 'n week later ses verhongerde en deur hulle ouers verlate kleingoed uit 'n plantasie naby Sabie. 'n Huis vol vreugde en ellende tegelyk! En so het dit maar aangegaan.

Die HERE het aan ons in ons verskillende pastorieë 170 kinders vir maande en soms jare toevertrou. Later het daar nog dagsorg vir ongeveer 20 kleuters en 50 skoolkinders bygekom. Gelukkig het helpende hande orals gesorg dat ons kon volhou. En toe ons geleentheid kry vir kampwerk – dit was vanaf 1984 – het die HERE op talle plekke die besondere ampte én die amp van alle gelowiges deur sy Gees in aksie gebring. Van studente tot oupas en oumas het op een of ander manier hulle bydrae gelewer. Gereeld word daar by die betrokke gesinne op verskillende maniere narsorg gedoen, sodat reeds verskeie

gesinne hulle by die kerk gevoeg het. Die Stigting sorg vir die opleiding, voorligting en, indien nodig, vir finansiële hulp waar ons kan. Vir die volgende jaar het ons reeds afsprake vir opleidingskurse in die Kaap, Noordwes, en Mpumalanga, terwyl talle gemeentes reeds gevra het vir inligtingssessies. Die *gemeentes* moet immers evangelisasie doen, nie 'n stigting nie!

By ons verjaardagfees, wat opgeluister was met pragtige sang en musiek, het ons deur woord en beeld vir ons feesgangers vertel wat ons alles doen en hoop om nog te doen. Ons het afgevaardigdes van “Koningskinders-aksies” uit verskillende gemeentes ontvang en almal was baie welkom.

Laat van u hoor deur die Stigting te skakel by 018 294 7712 of 018 297 5000 of ouderling Jan van der Merwe by 072 217 8015.

HEUGLIKE NUUS!! - ONDERRIG IN DIE BYBEL

OMVATTENDE GELEIDE BYBELSTUDIE VIR GRADE 0 TOT 12.

- ❖ Ontwikkel deur vakkundiges in Suid-Afrika.
- ❖ Geniet wye aanvaarding binne gereformeerde familie van kerke.
- ❖ Geskik vir gebruik deur onderwysers in klaskamers en verbondsouers tydens huisgodsdien.

Die leerplan vir Bybelonderrig is aan die einde van die tagtigerjare gefinaliseer, ten einde in skole landwyd geïmplimenter te word. Die breë onderwys / opvoedingsgemeenskap in Suid-Afrika, naamlik die onderwysdepartemente, die kerke en ouers, is geraadpleeg, en het sy goedkeuring hieraan verleen. Dit is met erkenning teenoor die vakadviseurs, en in besonder mnr. Johan Vorster van Bloemfontein, dat dit in die besit van die VCHO gekom het. Die Vereniging wil hierdie kosbare skat aan ons volk beskikbaar maak. Die volledige leerplan is in elektronies-verwerkte formaat van die VCHO bekombaar.

Ooreenkomstig die belydenis, dat die Bybel die onfeilbare en gesagvolle Woord van God in sy geheel en in al sy dele is, is dit die begeerte van die Vereniging, dat deur die beskikbaarstelling van die Bybelonderrig-leerplan, dit as 'n hulpmiddel deur ouers en onderwysers gebruik sal word, ten einde die kennis wat tot ewige saligheid dien, te ontsluit. Daardeur word konkrete beslag gegee aan 'n doelwit van die Vereniging betreffende die terugbring van die Bybel as die sentrale Bron van gesag en kennis in ons ouerhuise en skole.

II Timoteus 3:16 & 17:

1983-vertaling - Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

1933/53-vertaling - Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die sillabus vir graad 7 is vooraf vir evaluering beskikbaar gestel, en ons kondig dankbaar aan dat die volledige leerplan, d.w.s. grade 0 tot 12 nou gereed is. Vir meer inligting kyk: www.vcho.co.za, en gaan by Studiemateriaal op die kieslys in.

SILLABUS VIR BYBELONDERRIG – GRAAD 7

❖ OU TESTAMENT

MODULE 1: Die geskiedenis van Juda na die skeuring,
onder andere: Die geskiedenis van Josafat, Hiskia en Manasse.

MODULE 2: Die ballingskap en terugkeer,
onder andere: Daniël en sy vriende in Babel.

MODULE 3: Die Profete - 'n Algemene oorsig,
onder andere: Die werk van Jesaja, Miga en Sagaria.

MODULE 4: Lees en Onthou.

❖ NUWE TESTAMENT.

MODULE 5: Jesus se openbare optrede,
onder andere: Bruilof in Kana en die goeie herder.

MODULE 6: Afskeidswoorde aan die dissipels,
onder andere: Jesus was sy dissipels se voete en die ware wynstok.

MODULE 7: Die lydensgeskiedenis en opstanding,
onder andere: Jesus word gevange geneem en Petrus verloën Hom.

MODULE 8: Die stigting van die Christelike Kerk en die eerste gemeentes,
onder andere: Die uitstorting van die Heilige Gees en Saulus se bekering.

MODULE 9: Lees en Onthou.

MODULE 10: Aktuele onderwerpe.

Onder andere: Geloof - Ek kan seker wees! en Gebed: Hoe, waar en wanneer?

Navrae: Sien adres,
telefoon nommers en
e-pos adres op agter-blad
van hierdie uitgawe.

FUNDAMENTALISME: BELEDIGING OF ERETITEL?

- Dr. J A E Adendorff

Dit gebeur al meer dat mense wat die Bybel en die Woord van God aan mekaar gelykstel en wat wil vashou aan die onfeilbaarheid van die Bybel beskuldig word van fundamentalisme. Is dit nou 'n belediging of 'n eretitel? Hierdie referaat wil (kan) nie 'n afdoende antwoord gee nie, maar hoogstens die gesprek oor die vraag inlui.

Skynbaar is baie Bybelgetroue gelowiges van mening dat die term 'n eretitel is en daarom verwys hulle ook al meer met trots na hulself as fundamentaliste. Is die term "fundamentaliste" egter 'n goeie keuse om Bybelgetroue lidmate van gereformeerde kerke te beskryf? Om die vraag te kan beantwoord, moet ons eers na die oorsprong van die woord gaan kyk.

HISTORIESE OORSIG

Ontstaan

Die woord fundamentaliste het sy oorsprong in die Amerikaanse kerkgeskiedenis. Dit is daarom 'n tipies Amerikaanse beweging. In die negentiende eeu is die kerke in Amerika (net soos in Europa) gekonfronteer met die opkoms en toeneemende invloed van die teologie. Hierdie teologie het hulle uitgangspunt geneem in die universele vaderskap van God. Vir hulle was daar geen absolute verskil tussen die christendom en ander godsdienste nie. Hulle het ook nie plek gehad vir Christus as Borg en Middelaar nie. Hy was bloot 'n mens met 'n volkome bewussyn van God.

Aanvanklik het hierdie idees van die moderne teologie nie veel weerklank gevind in Amerika nie. Aan die einde van die negentiende eeu het sake egter verander. Veral in die noordelike state het die moderne teologie veld begin wen – 'n ontwikkeling wat in die twintigste eeu voortgesit is. Reaksie het nie uitgebly nie. Die algemene sinode van die *Northern Presbyterian Church* het in 1910 'n verklaring opgestel waarin hulle in

vyf punte die wesentlike leerstukke van die christelike geloof genoem het:

- > die onfeilbaarheid van die Skrif,
- > die maagdelike geboorte van Christus,
- > sy plaasvervangende lyding en sterwe,
- > sy liggaamlike opstanding en
- > historisiteit van die wonders wat in die Bybel beskryf word.

Hierdie verklaring het al meer binne bogenoemde kerk sowel as daarbuite die toets vir ortodoksie geword. In die plek van die historisiteit van die wonders is die realiteit van die wederkoms later veel meer beklemtoon. In dié verband is vir die prechillasme gekies (die sienswyse dat Christus tussen sy wederkoms en die laaste oordeel 'n duisend jaar liggaamlik op aarde gaan regeer).

Tussen 1910 en 1915 het 'n reeks boekies verskyn, geborg deur 'n oliemagnaat, met die titel *The Fundamentals*. Dit het artikels bevat waarin die fundamentele waarhede van die christelike geloof verdedig is, soos bv. die inspirasie en gesag van die Skrif, die Godheid, maagdelike geboorte en opstanding van Jesus, sy plaasvervangende lyding en sterwe, die saligheid deur die geloof, die noodsaaklikheid van die wedergeboorte, die krag van gebed en die plig tot evangelisasie. Daar was ook polemiese artikels oor die rooms-katolisisme, die evolusieleer, die Skrifkritiek en sektes soos die Jehovasgetuies en die Mormone. Die bydraes is gelewer deur behoudende Amerikaanse en Britse geleerdes, van wie die meeste uit die hoek van die heiligheidsbewegings en die dispensasionalisme gekom het. Onder die skrywers was J Orr, C Campbell Morgan, HCG Moule, RA Torrey en AT Pierson. Ons vind egter ook die naam van BB Warfield, 'n calvinis van wat in Amerika die "old school" genoem is. Wat die medewerkers aan mekaar verbind het, was 'n begeerte om die opmars van

die moderne teologie te stuit.

Die titel van die reeks boekies het aanleiding daartoe gegee dat die teenstanders van die moderne teologie "fundamentaliste" genoem is. Die baptis Curtis Lee Laws was die eerste om dié term te gebruik. Daarmee het hy die anti-modernistiese groepering in die *Northern Baptist Convention* aangedui wat die begeerte het om die koninklike stryd vir die fundamente van die christelike geloof te stry. Gou is die benaming ook gebruik vir die konserwatiewe stroming in die *Northern Presbyterian Church*. Hierdie fundamentaliste het 'n verloorstryd gestry in sowel die *Northern Baptist Convention* as die *Northern Presbyterian Church*. In die twintigste eeu het die moderne teologie al meer ingang gevind. Aan die teologiese skole is Skrifkritiek al meer beoefen. Uiteindelik was in die noordelike kerke nie meer 'n meerderheid te vind wat teen die moderne teologie standpunt wou inneem nie. Dit het die fundamentaliste voor die keuse te staan laat kom of hulle binne hierdie kerke moes bly. Baie het uiteindelik vir afskeiding gekies.

Kenmerke

In die kring van die fundamentaliste is 'n sterk anti-wetenskaplike houding gevind. Dit is toe te skryf aan die feit dat die oorgrote deel van die akademies gevormde teoloë nie die Skrifkritiek sonder meer afgewys het nie. Hulle het hulle ook heftig teen die evolusieleer verset. Dit het daartoe gelei dat hulle die Bybel as wetenskaplike handboek gesien het waarin hulle naastiglik na wetenskaplike bewyse vir die christelike geloof gesoek het. Alle wetenskaplike ontdekkings is volgens hulle in die Skrif voorspel. So het hulle op naïewe wyse die betroubaarheid van die Bybel probeer verdedig.

Daar was ook 'n sterk kultuurkritiese tot a-kulturele houding onder die fundamentaliste te vind. Dit is veroorsaak deur die feit dat die Amerikaanse

samelewing nie meer deur die ortodokse protestantisme gestempel is nie, maar 'n moderne gesig begin kry het. Die fundamentaliste het afwysend gestaan teenoor dinge soos die besoek aan 'n skouburg, rook, drank, ens. Aan die sosiale konsekwensie van die christelike geloof het hulle nouliks aandag gegee.

Die fundamentaliste het ook min belangstelling in die belydenisskrifte van die kerk getoon. In die plek daarvan het hulle kort verklarings hanteer. Hoewel hulle wou stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is, het hulle hulle in die praktyk egter meesal beperk tot die belydenis en verdediging van 'n aantal geïsoleerde waarhede uit die Skrif.

Die kerk as instituut het ook nie veel aandag van die fundamentaliste omtvang nie. Hulle het die kerk gesien as 'n versameling van individue wat aan mekaar verbind is deur hulle gehoorsaamheid aan Christus. Jy voeg jou by die "denominasie" waar jy jouself die meeste tuis voel. Verder hou jy kontak met gelykgesindes in ander denominasies. So word die kerk gelykgestel aan 'n netwerk van allerlei onafhanklike organisies.

Die kern van die kring van medewerkers met *The Fundamentals* was afkomstig uit die Amerikaanse opwekkingschristendom. Dit het die geestelike klimaat van die fundamentaliste deurslaggewend beïnvloed. Groot klem is gelê op sake soos die ervaring, die leer van 'n lewe van volkome oorwinning oor sonde en die leer van dispensasionalisme.

Verdere ontwikkelings

Na 1940 het 'n aantal belangrike ontwikkelings gekom. In 1942 is die *National Association of Evangelicals* opgerig. Die begrippe "fundamentalist" en "evangelical" was toe bykans wisselsterme. In die Engelsprekende wêreld is die ortodokse protestante, wat die absolute gesag van die Skrif verdedig het, "evangelicals" genoem. Die term fundamentaliste is uitsluitlik deur hulle teenstanders gebruik. Hoewel die stigters van die *National Association of Evangelicals* almal uit die fundamentalistiese kringe gekom het, het hulle probleme gehad met die ekstreme separatistiese standpunt

van baie fundamentaliste. Hulle wou eerder aansluiting vind by gevestigde protestantse kerke. Hierdie ontwikkeling is besonder gestimuleer deur die stigting van die *Fuller Theological Seminary* in 1947. Ook die blad, *Christianity Today*, wou 'n korreksie bring op die enghed wat in die fundamentalistiese kringe te bespeur was. Hierdie ontwikkelings het vanaf die sestiger jare daartoe gelei dat die aanduidings "evangelical" en "fundamentalist" al meer as teenstellings gesien is. Baie meer as vroeër is die term "fundamentals" gebruik vir diegene wat hulle wou afskei van elke kerk en organisasie waaruit die moderne teologie nie volledig geweer is nie.

In die kring van die "evangelicals" is aanvanklik nie vrae oor die onfeilbaarheid van die Skrif gestel nie. Aan die begin van die sestiger jare het dit ook anders geword. So kry die *Fuller Theological Seminary* 'n nuwe grondslag, waarin meer ruimte gelaat is vir 'n sekere mate van Skrifkritiek. In reaksie hierop is die *International Council on Biblical Inerrancy* in 1977 gestig. Hierdie raad wou die gesag van die Skrif bo twyfel stel sonder om wetenskaplike vrae te ignoreer. Verder wou die raad ook die sterk polemiese en separatistiese houding wat kenmerkend was van die fundamentaliste uit die jare dertig vermy.

Evaluasie

Daar is 'n groot kloof tussen die fundamentaliste en die klassieke protestantisme. Dit blyk duidelik uit die volgende:

- In hulle verdediging van die Skrifgesag teenoor die Skrifkritiek het hulle die historiese betroubaarheid van die Skrif oorbeklemtoon. So het hulle van die Skrif 'n geskiedkundige en wetenskaplike handboek gemaak.
- Fundamentaliste het ook weinig oog vir die betekenis van die verskeidenheid literêre genres in die Skrif. So is die kenmerkende karakter van die profesie misverstaan en is dit gesien as 'n noukeurige beskrywing van die toekoms. In dié verband kan 'n mens dink aan hulle chiliastiese verstaan van die Skrif.

- Die fundamentalistiese mensgerigte programme en metodes om siele te wen is ver verwyder van die boodskap van vrye genade. Aan die heiligheid en soewereiniteit van God laat hulle ook nie reg geskied nie.
- Die leer van perfeksionisme staan ook lynreg teenoor die Reformatoriese siening van heiligmaking. Teenoor die triomfantlike gees van die fundamentaliste en hulle groot vertroue in die wedergebore mens staan die klag van Paulus in Rom.7:24: "Ek, ellendige mens!"

Uit bg. Kort historiese oorsig is dit duidelik dat die woord "fundamentalis" bepaalde historiese bagasie met hom saamdra. Verder is dit 'n uitdrukking uit die Amerikaanse kerklike wêreld.

Huidige beskouings

Soos vroeër aangetoon, word die woord "fundamentalis" vandag toenemend gebruik om mense wat die onfeilbaarheid van die Skrif bely, aan te dui. Wat presies word egter met die term bedoel? Waar sal ons 'n duidelike en algemeen aanvaarde definisie van fundamentalisme vind?

En wat is die karakteristieke kenmerke daarvan?

Daar bestaan by my 'n sterk vermoede dat elke gebruiker van dié term dit met sy eie inhoud vul. Wanneer McKim bv. oor die werk van Hort praat, stel hy dit dat Hort 'n middeweg gevind het "between fundamentalism's Inerrancy of Scripture with its rejection of the human element and naturalism's Irrelevancy of Scripture with its rejection of the supernatural element". In hierdie verband is dit ook insiggewend om die Algemene Sinode van die NG Kerk se beskrywing van fundamentalisme te lees. Moderne fundamentaliste is volgens die Sinode mense wat die teologiese betekenis van die Skrif geheel en al afhanklik maak van die natuurwetenskaplike en historiese korrektheid van die Bybel (Agenda 2002:208). Fundamentaliste poog om die Bybel as Woord van God te "red" deur die swakke menslike karakter daarvan soveel as moontlik te ontken. Fundamentalisme staan

- blaai om

- van vorige bladsy

eintlik naby aan die liberalisme. "Beide onderwerp die Bybel aan 'n krasse vorm van Skrifkritiek wat daartoe neig om die Woord van God kragteloos te maak. Nie een van die twee wil die Bybel in sy konkreet menslike gestalte aanvaar as Woord van God nie, omdat hulle aanstoot neem aan die konkreet historiese karakter van die Openbaring.... In beide gevalle word ons gekonfronteer met 'n rasionalistiese verheerliking van die menslike rede. In beide gevalle word per implikasie aanstoot geneem aan die menslike gestalte van die Woord, wat ten diepste verset is teen die dienskneggestalte van die Kneg van die Here 'wat geen gestalte of heerlikheid gehad het, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie' (Jes.53:2 ou vertaling). In beide gevalle heers 'n beheptheid met die letter van die Skrif, wat mense blind maak vir die Gees in die letter. Die

Bybel as boek, maak beide blind vir die Bybelse boodskap" (Agenda 2002:208).

Uit bg. aanhalings is dit duidelik dat 'n mens vir die persoon wat die term "fundamentalis" gebruik moet vra: "Wat bedoel jy daarmee?" Te dikwels lyk dit of gebruikers van dié term kwaadwillig 'n strooipop opstel wat hulle dan afskiet. As ons dié term op onself van toepassing wil maak, sal ons self die inhoud daarvan moet bepaal. En wat wil ons daarmee sê? Dat ons by dit staan wat as die fondament van die christelike geloof beskou word. En die kern daarvan is dat ons die Bybel in sy geheel en in al sy dele as die unieke, onfeilbare en selfopenbarende Woord van die lewende God beskou.

Die vraag is natuurlik: Sê ons hiermee iets anders as wat die belydenisskrifte sê? Ek glo nie. Voeg daarby die historiese belasting van die term "fundamentalis" en die eenzijdighede in die gebruik daarvan,

dan moet ons dalk saam met die presbiteriaanse teoloog, J Gresham Machen, sê: Die uitdrukking "fundamentalisme" staan ons nie aan nie. Dit suggereer dat ons aanhangers is van 'n bepaalde vreemde nuwe sekte, terwyl ons in werklikheid net bewustelik vashou aan die historiese christelike geloof. Daarom bly die vraag vir my of 'n woord soos "konfessionalis" nie ons standpunt beter tot uitdrukking bring as "fundamentalis" nie? Konfessionalis wil ook weer niks anders sê as dat ons Bybelgetroue en belydenisgebonde gelowiges is nie.

Deur die referaat hier af te sluit, laat dit ons met 'n oop einde. Miskien kan ons nou deur gesprekvoering tot 'n duidelike standpuntinname kom.

Hierdie referaat het Dr Adendorff voorgedra by 'n predikante-studiekring. Ons gee dit graag aan ons lesers deur met sy seënwense.

- Redakteur



'N BEROEP OP DIE REGEERDERS VAN DIE LAND:

STAAK DIE MOORD OP ONS BABAS EN JONGMENSE DEUR ABORSIE EN KONDOME.

- Martha Dean.

1 Februarie 2003 was die sesde verjaardag van die aanvaarding in Suid-Afrika van die wettiging van aborsie op aanvraag. In die Vrystaat alleen is daar in die loop van hierdie tyd 23,714 babas tragies vermoor in hulle voorgeboortelike skuilings – die moederskoot.

Ons is daarop gewys dat ongeveer 'n kwart van hierdie aborsies gedoen is op kindertjies ouer as twaalf weke na bevrugting! Tussen 57 – 92% van die betrokke moeders is ouer as 18 jaar (sover die ouderdomme opgeteken is).

Ons is ook bewus daarvan dat kondome 'n 15% faal-syfer het om swangerskap te voorkom. Daarbenewens is die VIGS-virus so klein dat dit fyn porselein kan deurdring. Dit is 400 maal kleiner as menslike saad.

Ons grond ons beroep op die regeerders hierop. Hoeveel babas moet daar nog sterf deur aborsie, of moet gebore word met VIGS in die bloedstroom – en hoeveel jongmense moet nog sterf aan VIGS vanweë misleidende advertensies en veldtogte?



KINDERS VAN GOD MAG NOOIT VIR MENSE BANG WEES NIE

- Lees Matteus 10:26

Jesus stuur sy dissipels uit om sy Woord te verkondig. In hierdie gedeelte sê Hy: "Moet nie vir mense bang wees nie." Kom ons neem vir vandag net hierdie wonderlike wete: 'n kind van God mag nie vir mense bang wees nie. In geen geval mag ons mense vrees nie – gehoorsaam, respekteer, selfs met ontsag hanteer, ook eer waar dit een toekom, maar nooit vrees nie.

Jou lewe is nié in hul hand nie, al lyk dit so! Jou lewe is in God se hand. My liewe vriend, as jy die Here ken, dra jy sy Heilige Gees in jou! Die Gees in sy krag en sy waarheid, en sy diepe vrede en liefde! Ek en jy moet bewus word en bewus bly van die Gees in ons. Die Skrif sê: "Weet julle dan nie dat julle 'n tempel van

God is nie?" Ons vergeet te gou van die krag wat in ons vloei, en die outoriteit waarmee Jesus ons bekleed, dan word ons bang vir diegene om ons. Byna soos die generaal wat in sy militêre kamp stap en dan nog steeds lugtig is vir die kwaai sersant!

Jy mag nie vandag vir mense bang wees nie.

God is met jou!

- Here, baie dankie dat ek vandag in u krag tot alles in staat is, Amen. - Oorgeneem



Gee my die haelwit rose wat jy eendag op my graf sal plaas
Rangskik nou die lelies in jou duurste blommevaas
Gee dit nou terwyl die geur my lewe kan versoet en onderskraag
Gee dit nou, terwyl my hart so honger soos 'n wurm knaag
Gee dit nou, terwyl dit matelose vreugde sal verskaf
En plaas die doringkrans wat jy nou gee eendag op my graf
Eendag sal ek van die rose om my graf niks weet
Eendag doen jou doringkransie aan my hart geen leed.

Ingestuur - Tibbie de Jager

Problematiek met die huidige staatsonderwys

- Mev L Malan

Drie fundamentele probleme:

1. Kardinale verskille ten opsigte van wé vir die kind se onderwys verantwoordelikheid moet neem tussen die huidige staatsmodel en die onderwys wat die Woord van God, in die lig van die doopbelofte, van gereformeerde ouers vra.
2. Filosofiese begroning van onderwys bepaal die tipe onderwys wat die kind ontvang en lê aan die hart daarvan.
3. Dreigende grootskaalse gebrek aan onderwysers in die nabye toekoms vir staatskole en ook privaatskole.


Genoemde probleme is genoeg rede om ons as gereformeerdes te noodsaak om heeltemal nuut oor die onderwys van ons kinders te dink. 'n Kort uiteensetting van bogenoemde drie punte sal meer lig op die standpunt werp.

1. KARDINALE VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN WÉ DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE KINDERS HET.

Staatsmodel:

Die staat neem ten volle verantwoordelikheid vir die kind en neem die verantwoordelikheid uit die hande van die ouer. Die kind word gesien as 'n soort grondstof wat tot diens van die staat gebruik word. **Die staat gebruik ook die kind om sy eie ideologie op af te druk** en sodoende die samelewing op daardie manier te omvorm. Die staat neem beheer oor die kind deur middel van die skool en die onderwyser en ook met die uitreik van sertifikate en sentrale eksaminering, reeds op Gr 9 vlak. Reeds vroeër, deur die loop van die kind se hele skoolloopbaan, met die tipe evaluering wat onderwysers moet doen, word hierdie doelwit op 'n meer informele en minder opsigtelike vlak bereik. **Ouers en kerk speel 'n sekondêre rol tot die staat.** Aan die wortels van hierdie saak moet ons dokumente soos die Handves van Kinderregte se uitwerking en doelbewuste implementering nie onderskat nie.


Voorstelling van staatsmodel:



Gereformeerde model:

Ouers neem primêre verantwoordelikheid vir die kind op grond van die doopbelofte wat hy teenoor die Here afgelê het. **Die kind is slegs deur God aan die ouer geleen om vir Sy Koninkryk op te voed tot 'n roepingsbewuste kind van God. Die skool is slegs 'n verlengstuk van die ouerhuis en funksioneer nie onafhanklik van die ouerhuis nie.** Die skool moet ten alle tye die waardes en geloofsgrondslag van die ouerhuis ondersteun en uitdra en op geen manier ondermyn en teen-sprek nie. Baie belangrik is die feit dat die ouer, skool en kerk in 'n vennootskap, bondgenootskap of 'n verhouding tov die kind se onderwys en opvoeding moet funksioneer. Ons kan dit voortstel met 'n driehoek.

Voorstelling van Gereformeerde model:



2. FILOSOFIESE BEGRONDING.

Aan die fondament / grondslag van alle onderwys lê die filosofie. Geen onderwys is neutraal nie. Selfs die ateïs se onderwys is nie neutraal nie. Hierdie filosofie bepaal hoe die onderwys gaan lyk wat aan die kinders aangebied gaan word.

Die staat se filosofie:

As grondslag van die huidige staatsonderwys het ons 'n dokument, nl. 'Manifesto on values, education and democracy' op hande (verkrygbaar by die 'Sol Plaatjie' gebou, Schoemanstraat 123, Pretoria). Hierdie dokument lê ten diepste aan die fondament van die huidige onderwys en is die filosofiese grondslag daarvan. Om die amptelike status van hierdie dokument te bepaal word u verwys na die Staatskoerant No 23406, Vol 443 van 31 Mei 2002 (verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Pretoria). Kurrikulum 2005 kan nie afsonderlik van hierdie dokument geïnterpreteer word nie. Kurrikulum 2005 is verkrygbaar by Schoemanstraat 123, Pretoria.

Slegs in kort kan genoem word dat ons o.a die volgende daar aantref:

Globalisme
Evolusionisme
Intergelooft
Humanisme
Staatswaardes en ideologie
Sg. Anti-rassisme (Omgekeerde rassisme)

Geslagsopvoeding (HIV bestryding)
Gedwonge kultuurvermenging ('Fusion' kultuur), waar almal se kultuur vermeng word en geen bevolkingsgroep meer sy eie kultuur-identiteit sal hê nie. Bostaande lys is slegs enkele sake, maar dit wat reeds genoem is, is genoeg om van die 'Manifesto' 'n antichristelike dokument te maak wat dus invloed op die onderwys het.

Alhoewel daar nie spesifieke handboeke op die skole afgedwing word nie, en die illusie bestaan dat daar onbepaalde vryheid is vir onderwysers om hulle eie leerstof te gebruik, kom ons al die genoemde denkrigtings en ondertone in talle handboeke reeds tee.

Die Gereformeerde of Christelike filosofie:

As ons as grondslag van die onderwys die gereformeerde of Christelike

onderwys neem, praat ons nie net van 'n Christelike sousie wat oor 'n sekulêre kurrikulum gegooi word nie, met ander woorde 'n aparte Godsdienstperiode en saalopening wat met Skriflesing en gebed geopen word. Ons praat van onderwys wat in sy geheel vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangebied word. Elke vak word vanuit 'n Bybelse perspektief vertolk. Vanuit die Skrif werp ons lig op sake soos bv. evolusie.

Om die saak van Christelik-gefundeerde onderwys te illustreer, verwys

Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding en Christelike onderwys

Dr J M Gerber

Samevatting: Die mens is 'n religieuse wese. Die mens is verteenwoordiger en rentmeester van God op aarde. Aan die mens is 'n besondere verantwoordelijkheid toevertrou. Die mens funksioneer binne al die verbande: God, Woord, kosmos (hemel en aarde), en samelewingsverbande (huwelik, gesin, volk, ens.). Daarom is mensbeskouing deel van ons lewens- en wêreldbeskouing en is dit van grondliggende en fundamentele betekenis vir opvoeding, onderwys en wetenskapsbeoefening. Die vraag na die geheimenis van menswees soos God dit geopenbaar het, bepaal die basis van ons onderwysdoel en onderwys praktyk. Die Bybelse mensbeeld eindig egter nie op aarde nie. Die mens het sy eindbestemming in die hemel; nie as sondaar, en selfs as nuwe mens op aarde nie, maar as verheerlikte mens in die hemel." (Voed Hulle Op, p. 34).

ek na die 'Voed Hulle Op' van die VCHO. As ons met onderwys besig is, is ons met mense besig en dit is dan nodig om te kyk na wie die mens is, volgens 'n Bybelse perspektief.

3. DREIGENDE GROOTSKAALSE TEKORT AAN ONDERWYSERS.

Teen die huidige tempo wat onderwysers opgelei word staan ons 'n drastiese tekort aan onderwysers in die gesig. Die getalle is nie genoeg om eers die natuurlike verlies aan onderwysers deur aftrede, afsterwe en onderwysers wat die beroep weens siekte verlaat te vervang nie. Hierdie saak raak ook ons privaatskole.

Binnkort gaan ons 'n knellende tekort aan onderwysers beleef, bo en behalwe die feit dat die huidige opleiding van onderwysers nie ideaal is vir ons Christenprivaatskole nie. Nuwe onderwysers word reeds opgelei volgens die staat se model, en onderwysers wat in die praktyk staan ondergaan mettertyd heropleiding dmv kursusse wat hulle moet deurloop.

Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die onderwyskorps aangevul kan word met die Kubaanse onderwysers waarvan ons so dikwels hoor nie. 'n Ander moontlikheid is dat onderwysers deur middel van kort kursusse as sogenaamde 'trainers' opgelei word deur Kubaanse instruktors. As ons na handboeke kyk wat in hulle honderde op die mark verskyn, moet 'n mens erken dat 'n onderwyser nie veel kundigheid nodig het nie. Alles is vir hom in die handboek klaar uitge-

werk. Hierdie handboeke is eerder werkboeke as handboeke. Sodoende sal die staat nog in staat wees om sy ideologie deur te voer, al sou dit ten koste wees van enige kennis en leerstof.

Waarskynlik sal die enigste manier, wat ons hierdie onderwystekort die hoof kan bied, wees om op 'n groot skaal na die elektroniese media as onderwysmedium te kyk; as ons enigsins ons kinders die geleentheid wil bied om internasionaal mee te ding.

Wat sou dan die ideaal wees?

Onderwys waar die ouers in beheer is van hulle kinders se onderwys, hetsy tuisskole waar die ouer self sy kinders se onderrig behartig of gereformeerde privaatskole waar ouers die onderwysers keur en aanstel. Die ouers moet hulle doopbelofte ten alle tye gestand kan doen. Alhoewel onderwysers as professionele beroepsmense respekteer word, moet ouers ten alle tye nou betrokke wees by ook die keuring van leerinhoude wat aan hulle kinders aangebied word.

Alle lesinhoude moet vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangebied word. Sodoende sal die kinders die onderskeidingsvermoë aanleer omdat hulle alle leerinhoude waarmee hulle in aanraking kom, vanuit die Bybel sal evalueer.

Verkieslik sal daar ook op 'n aansienlike skaal van elektroniese middele gebruik gemaak moet word om die onderwystekort te ondervang.

Kyk ook op bl 22

HUISGODSDIENS

Om ons gesinne te hervorm

- Dr Peter Hammond

"Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooië gehoorsaam."

Deuteronomium.7:9

Die tweede gebod bevat 'n streng dreigement saam met die mees ondenkbaar genadige belofte. "Jy mag

(Dr Peter Hammond is die Direkteur van Frontline Fellowship. Baie van sy artikels en kommentaar is beskikbaar op die tuiswerf van Frontline Fellowship by www.frontline.org.za.

Hierdie artikel is deur ons vertaal en is met erkenning oorgeneem uit Christian Action. C Bester.)

nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel

daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken die kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooië gehoorsaam."

Deuteronomium 5:8-10

'n Plegtige verantwoordelikheid.

Op ouers rus 'n ontsaglike verantwoordelikheid. Ons moet ons kinders opvoed " *met tug en vermaning soos die Here wil.* " Efesiërs 6:4. Van ons word verwag om " *leiding te gee aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, ...* " Spreuke 22:6

Van ons word vereis om ons eie gesin goed te bestuur terwyl ons toesien dat ons kinders aanleer om, met die gepaste eerbied, gehoorsaam te wees. 1 Timoteus 3:4

Ons opdrag is om " *aan die volgende geslag te vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het ... sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan hulle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het en nie wees soos die voorvaders nie. Dié was 'n opstandige en ongehoorsame volk, 'n onbestendige geslag wat nie aan God getrou was nie.* " Psalm 78:4-8

Die Bybelvoorskrif is nie bloot om seuns Godvresend groot te maak nie, maar om ons seuns te begelei totdat hulle Godvresende vaders geword het wat op hulle beurt weer hulle kinders sal opvoed om Godvresende vaders te wees wat God sal liefhê, eer, vertrou en gehoorsaam. Ons moet dus dissipels opvoed sodat hulle weer op hulle beurt dissipels sal opvoed om sodoende Gods seëninge oor geslagte heen te ontvang sonder om die verbondsllyn te verbreek.

Martin Luther benadruk die belangrikheid van huisgodsdiens



Ouers se hoogste voorrang.

Een van die belangrikste gedeeltes in die Bybel kom voor in Deuteronomium 6, direk na die herafkondiging

van die Tien Gebooe. Dit bevat die belangrikste stelling, die belangrikste bevel wat tegelyk ook elke ouer se hoogste voorrang is:

"Dit is die wet, die voorskrifte en bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem. So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooe wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê. As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooe, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het. Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. Hierdie gebooe wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurskosyne en op jou stadspoorte. ... Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie. Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê". Deuteronomium 6:1-13.

Dit was 'n baie belangrike geleentheid toe Israel herinner is aan die Tien Gebooe en dit is presies daar dat God Sy soewereine uniekheid bekend maak. By hierdie geleentheid word die gebod, wat ons Here Jesus eeue later as die heel belangrikste gebod sou uitwys, gegee: " *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou kragte.* " Dit is die samevatting van al die gebooe. Soos die Here ons in Johannes 14:15 herinner het: " *As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.* "

Onderwysing van die volgende geslag.

Die heel eerste toepassing van hierdie grootste gebod is dan " *jy moet*

dit (die gebooe) jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. " Die onderwysing en volgelingskap van die volgende geslag word aangedui as die eerste toepassing van God se wet, en die hoogste voorrang van Sy mense. Hierdie onderwysing is nie 'n blote verstandskennis nie maar 'n algehele liefde vir die Here – nie net met die hele hart nie, maar inderdaad ook nog met ons hele siel en met al ons kragte. Liggaam, siel en gees, elke faset van ons lewe – moet ons liefde vir ons Here uitstraal en weerkaats. Hierdie gebooe moet bespreek word, soggens, smiddae en saans. Van die eerste ding in die môre tot die laaste ding in die aand. Gods Woord moet so onafskeidbaar deel wees van ons lewens dat alles wat ons doen met ons hande, en alles wat ons dink met ons gedagtes, gelei en regeer sal wees deur die Woord van God. Ons huise behoort ook netso die Heer-skap van Christus te weerspieël op elke gebied van die lewe, en in alles wat op ons woonerf te vinde is – selfs in ons tuine! Die mense daarbuite behoort duidelik die verskil wat Christus in ons lewens maak te onderskei. Hulle moet sien dat ons die Here liefhet en dat ons totale lewe deur die Bybel regeer word.

Indien ons nie so lewe nie, mag ons die skandelige en rampspoedige lewenservaring ondervind wat beskryf word in Rigters 2:10: " *... die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot dade wat Hy gedoen het ...nie.* "

Kyk maar hoeveel kinders van Christen-ouers is meer opgewonde oor die okkultiese Pokémon en Harry Potter as oor Jesus Christus en Sy Woord!

“ *My volk gaan onder omdat hulle aan My nie toegewy is nie. Omdat jy jou taak om hulle aan My toe te wy, verwerp het, verwerp Ek jou as my priester. Omdat jy die wil van jou God verontagsaam het, verontagsaam Ek die priesters wat onder jou dien.* " Hosea 4:6

Die Skrif gee ons die opdrag: " *Pas net op en wees baie versigtig om,*

solank as julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp." Deuteronomium 4:9

"So sal hulle kinders wat nie hierdie wet ken nie, dit kan hoor en leer en sal hulle die Here julle God kan dien ..." Deuteronomium 31:13

Moenie vergeet nie.

Die Bybel verhaal baie vreesaanjaende voorbeelde van tragiese mislukkings van gelowige leiersfigure wat gefaal het in die dissiplinerings en dissipelering van hulle kinders in die weë van die Here. Die Hoëpriester **Eli** het gefaal om sy priesterseuns teë te gaan in hulle oneerlike en ramspoedige gedrag (1 Samuel 3:13). Die kinders van die profeet **Samuel** het eweneens op 'n skandelelike wyse aangegaan, omkoopgeskenke aanvaar en die reg verdraai (1 Samuel 8:3).

Koning Dawid se versuim om sy rebelse seun Absalom te dissiplineer, het die afbrekendste invloed op sy koninkryk gehad, wat uitgeloop het op burgeroorlog (1 Konings 1:6).

Van die opgetekende geskiedenis van die uittoeg uit Egipte, en Israel se omswerwing in die Wildernis, sê die Skrif: *"Hierdie dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons ..."* 1 Korintiërs 10:11

Die Bybel waarsku ons ook van 'n tyd wat aan't kom is, wanneer: *"Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bande-loos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdienste hê, maar die krag van die godsdienste sal hulle nie ken nie ... altyd iets wil leer maar tog nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie."* 2 Timoteus 3:2-7

Hierdie beskrywing pas soos 'n handskoen op veel van wat vandag

in ons samelewing gangbaar is. Let op hoe die Skrif hulle wat *"beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar"* saamgroepeer met die mees brutale en giftige sondes.

Eerbied vir gesag.

God se Wet verklaar inderdaad: *"Daar rus 'n vloek op elkeen wat sy pa of ma minag. Dan moet die hele volk antwoord: 'Amen!'"* Deuteronomium 27:16

"Die oë van 'n man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam, sal uitgeklik word deur die kraai, opgevreet word deur die roofvoëls." Spreuke 30:17

"God het tog gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' en: 'Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.'" Matteus.15:4

Dit is tragies dat eerbied vir ouers en ouer persone al skaarser word, selfs in Christelike kringe! Nogtans is God se Wet duidelik *"Uit eerbied vir jou God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel..."* (Levitikus 19:32) en *"Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind; en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie."* Spreuke 23:22

Hierdie voorskrifte is nie net vir jong kinders gegee nie. Ons ouderdom sê niks, en dit maak nie saak of ons steeds by ons ouers woon of in ons eie huis nie – ons staan steeds onder Gods opdrag om ons ouers te eer en te respekteer in die Here. (Eks.20:12)

"Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooi oor die sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God." Levitikus 19:3

In die lig van die oorweldigende druk wat ons gesinne aanval, en die onafgebroke versoekings wat ons jongmense omring, moet ouers buitengewone stappe neem om te verseker dat ons kinders opgroei in die liefde en vrese van die Here. **Ons sal rotsvaste fondasies moet gooi en goeie gewoontes vorm**, wat ons kinders sal staal en dissiplineer, dissipeleer en voorberei vir 'n lewe

van Godvrugtige en produktiewe diens in ons gemeentes, gemeenskappe en lande:

1. Bybel voor ontbyt.

Dit is 'n vereiste dat ons Bybelgecentreerde huisgesinne moet stig en uitbou. Daarvoor is daar 'n veeltal van maniere beskikbaar. Ons kan 'n eerste beginsel neerlê van "die Bybel voor onybyt". Moedig elke lid van die gesin aan om hulle persoonlike stiltetyd te hou voor ontbyt. Lees ook 'n Skrifgedeelte (met 'n stigtelike gedeelte) vir die gesin nog voor ontbyt.

2. Die Skrif voor aandete.

Aangesien die aandete neig om by die meeste gesinne hul belangrikste tyd van onderlinge gemeenskap te wees, sou dit ideaal wees om die beginsel vas te lê van "Skrifuur vóór aandete". Ondermeer kan hierdie tydgleuf 'n boekvoorlesing uit godsdienstige literatuur behels saam met 'n Psalm of 'n hoofstuk uit die Spreukeboek of 'n ander Skrifdeel.

3. Wyding na aandete.

Sommige gesinne sou verkies om hulle wydingsgodsdienste te hou na die aandete. Dit kan goedsikks plaasvind om die etenstafel, in 'n slaapkamer of in die sitkamer. Die belangrike saak is dat die Skrif, die Psalms en geestelike liederes (die kerklied) 'n deel moet uitmaak van die daaglikse spyskaart in elke Christelike huis. Dit beteken nie dat hierdie gesinswyding lank moet wees nie. Inderdaad is dit, veral in gesinne met klein kindertjies, wys om hierdie gesinsaktiwiteit kort, vriendelik en skerp gefokus te hou.

Kinders floreer onder repetisies, wat dit gepas sou maak om basiese memorisering met hulle te doen tydens die wyding, bv. die Onse Vader, die Tien Gebooi en die twaalf artikels.

Selfs 3 en 4 jarige kinders kan die Onse Vader aanleer sowel as 'n hele klomp sleutelverse uit die Bybel.

4. Bybelverhale en gebed voor slaapyd.

Een van die belangrikste tydgleuwe in die lewe van 'n gesin met kinders, behoort die tyd direk voor slaapyd te wees. **Dit moet 'n genoeglike en opwindende tyd van gemeenskap wees, waartydens die ouer saam met die kind op die bank of bed gaan plaasneem met 'n veelkleurige Bybelverhaleboek (met prente indien moontlik).** Vra vrae om die kind te laat inleef in hierdie grootse verhale uit Gods Woord.

Baie ouers protesteer. Hulle beweer dat hulle nie tyd het vir al hierdie stilstande in 'n dag nie. Wel, eintlik het u tog die tyd. Sny dit af by u beeldradio- en koerantlees ure! Oordeel in die lig van die ewigheid: watter hemelse wins wen u uit die ure per week bestee aan beeldradio en die koerant? **Watter geestelike opvoeding het dit vir u kind se ewigheid. Sny die beeldradio uit en u het dadelik genoeg tyd om u kind te dissipeleer.**

5. Maak Sondae spesiaal.

Van heel kleins af moet ons vir ons kinders die liefde voorleef en inskerp, vir Gods Woord, vir die kerk en vir die Dag van die Here. Kinders is gaande oor roetine en ritme. Dit is waarom ons kalender / program ons geloof moet weerkaats. Gewoontes en roetine is wesenlik deel van ons dissipelskap. Ons ruim tyd in ("ons maak tyd") vir die dinge wat vir ons belangrik is. God het ook só tyd ingeruim toe Hy bepaal het dat die mens ses dae sal werk en dan die sewende dag as 'n rus- en aanbiddingsdag sal hou. Vir God was dit so belangrik dat Hy aan ons die voorbeeld gestel het om na te volg, deur op die sewende dag te rus nadat Hy die heelal geskep het. Ons Christene behoort met berou te bely dat ons toelaat dat die dag van die Here ontwy word as 'n gewone handelsdag, sportfeeste en wêreldse vermaaklikhede.

Die ateïs uit die Franse Rewolusie, Voltaire, het gesê: "As jy die Christendom wil doodmaak, moet jy die Sondag afskaf."

D L Moody het gesê: "Wys my die volk wat die sabbat die rug toegekeer het, en ek sal jou 'n volk wys wat die saad van vernietiging in hom omdra."

Biskop J C Ryle het die volgende uitdaging gerig: "Gesonde verstand, rede, gewete sal saamstaan meen ek, om te sê dat ons, indien ons nie aan God eendag per week kan afstaan nie, nie kan leef soos mense wat hulle voorberei om eendag te sterf nie."

Die Puriteinse skrywer, Richard Baxter, se raad was: "Sien toe dat die Dag van die Here benut word in voorbereiding vir die ewigheid."

Enige verhouding benodig kwaliteit tyd, daarom het ons ten minste een dag per week nodig om ons verhouding met ons Heer en Meester, Jesus Christus, te ontwikkel en te verdiep.

"As jy nie die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie, sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. ..." Jesaja 58:13, 14.



Om die eerste dag van die week af te sonder as 'n spesiale dag, is goed vir ons liggaam, gees en siel. **Ons het behoefte aan tyd vir ontspanning, bepeinsing en heropbou. Dit is 'n geval van ritme en roetine, maar ook 'n saak van openbaring en herinnering aan die Here se groot dade van Skepping (Eksodus 20:8-11) en Verlossing (Deuteronomium 5:12-15).**

Deur die rangskikking van ons week se program op so 'n wyse dat ons die Dag van die Here afsonder as 'n besondere dag vir ons gesin waarop ons rus van ons alledaagse gang om met oorgawe die Here te aanbid en dien met onverdeelde aandag, verkondig ons aan die wêreld dat hier-

die Jesus wat opgestaan het uit die dood, ons Here is – Koning oor ons hele lewe. Boonop is die ritme van een dag rus in elke sewe dae heilzaam – geestelik, emosioneel, fisies en ekonomies. Dit is goed vir besigheid, goed vir gesinne en goed vir enige land.

Vorbereiding vir die aanbiddingsfees van Sondag begin al die dag vantevore – wanneer ons sorg dat ons en ons kinders vroeg genoeg gaan slaap dat ons Sondag uitgerus kan wakker word om geheel en al te leef in die feesverrigtinge. Ons kan deur voorbeeld en woord ons kinders leer om eerbied te betoon vir die ontmoetings met die lewende Here, deur ons beste klere aan te trek vir die ontmoetings van die gemeente in die huis van die Here. Voeg hierby dat ons werk maak daarvan om vroeg genoeg op ons pos te wees, met harte wat verlang na die Here en na Sy onderrig vir ons hart en verstand.

Dit is noodsaaklik dat ons ons kinders onderrig om eerbiedig te wees teenoor gesagspersone en gesag, beginnende by hulle ouers, hulle grootouers, ooms en tantes, gesag in die kerk en in die samelewing. Eerbied vir God, vir mense en vir eiendom.

6. Skrifmemoriserings.

Skrifmemoriserings is 'n kritieke gereedskapstuk in die lewe van 'n dissipel van die Here. *"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van U gebooie nie. Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U."* Psalm 119:9-11

"U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." Psalm 119:105

As ons ons kinders se lewens bou op die Rots van Gods Woord, sal hulle staande bly in die storms van die lewe wat wis en seker oor hulle – soos oor elke mens – sal kom. Matteus 7:24-27

Hierdie beginsels, naamlik: **eerbied vir gesag, vir die Dag van die Here en vir die huis van die Here; liefde vir Gods Woord die Bybel, en vir**

- vervolg op bl. 22


DIE VRAAG OOR SKOOLMODELLE

C Bester.

Iemand doen nou die ander dag na-vraag oor die verskillende moontlike onderwysmodelle in ons land. Nadenkende lesers kom dikwels tot gevolgtrekkings wat op hulle eie, heimlike gedagtepatrone gebaseer word – hulle vrese of voorkeure kry dan gestalte in hulle slotsom.

Omdat die keuse van skoolonder-**rig** in die eerste plek 'n **Verbondsverantwoordelikheid van die Verbondsouer** is, wat hy en sy teenoor hulle **Verbondsgod** moet verantwoord, is dit nooit 'n keuse wat lig-sinnig, onnadenkend en ligtelik ge-maak kan word nie. Verder staan elke ouer as voog oor die onvol-wasse mensie, 'n bedoelde hemel-burger wat deur ouers hemelwaarts begelei moet word. Daarbenewens is die kinders ook nog die toekoms van die familie, kerk en volk. Die skoolkeuse hou verband met al hierdie genoemde sake, en nog veel meer

Daar bestaan dan ongelukkig ook nie op aarde hemels-volmaakte skole nie net soos daar in ons familie en uitgekose vriendekring geen vol-maakte mense is nie. Nogtans kies ons self met wie ons vrywillig wil assosieer. Ons doen dit op grond van sekere voorwaardes en maatstawwe waarop ons vooraf besluit het. **Die lewe werk so: 'n mens móét kies, en dan bly jy verantwoordelik vir jou keuse(s) en die gevolge daarvan.**

Niemand kan verantwoordelik 'n keuse maak uit onkunde nie. Daar is dus geen verskoning vir enigeen wat te lui is om ingelig te word nie – en inligting is beskikbaar in oorvloed! 

EDWARD CAIN †

C Bester.

By sommige Suid-Afrikaners is hierdie naam miskien onbekend. Andere ken hom miskien net as die uitgewer van die puik nuusbrief "Signposts" oor die loop van twintig jaar.

In werklikheid was hierdie kind van die Here nog veel meer kleurvol gewees. Uit die VSA het hy as sendeling gekom na die destydse (Portugese) Mosambiek. Met die koms van die revolusie in daardie land moes hy en sy gesin uitwyk, en so het Suid-Afrika hulle as aanwinst ontvang.

As navorser wat wêreldgebeure pragtig vanuit die Skrifperspektief kon eien en beskryf, het hy 'n groot invloed uitgeoefen wat eers later ten volle geken sal word.

In April 2002 is 'n gewas uit sy nek verwyder; toe is hy gediagnoseer met limfklierkanker, wat alreeds ver verspreid was.

Alhoewel sy gees steeds beskikbaar gebly het vir die Here se diens, is sy liggaam vinnig afge-takel, en het die Here hom voor die jaareinde nog kom haal. Sy hoop is vervul. **Ons meelewing gaan uit na hierdie gesin wat veral onder die Engelssprekendes groot Koninkrykswerk gedoen het. (Vir etlike jare al het hy die nuusbrief ook in Afrikaans gepubliseer. Dit is met groot dankbaarheid ontvang.)**

Hy rus nou van sy arbeid, ver van sy geboorteland af, maar ons dank God vir die openbaring van Sy genade in 'n brose menselewe.

- vervolg van bl. 21

Gods kinders; die voeding en versadiging van ons kinders se harte en gedagtes met voorbeelde van geloofsprestasies uit die Skrif en die gewyde geskiedenis; die vaste reël dat hulle die Bybel inneem voor hulle ontbyt, Skriflig kry voor aandete en eers bed toe gaan nadat hulle hul Bybelverhaal ontvang het en saam gebid is; terwyl daar in hulle harte 'n hele arsenaal van Skrifkennis opgebou is deur die **Skrifmemoriserings** wat ons hulle laat doen het - hierdie opvoeding sal verseker "hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." Spreuke 22:6

Laat ons met volharding ons kinders opvoed as dissipels van die Here deur ons woord en daad, deur ons lewe en deur ons lippe – deur onderwysing en deur konsekwente voorbeeld. (Deuteronomium 6:6-7).

"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle okal sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom." Kolossense 3:16-17

In hierdie tyd van die uitskuiwing van Christus en die Christendom in ons Afrika Renaissance en sg. demokratisering, sal ons as Verbondsouers elke sin hierbo moet verantwoord in ons gesin se lewe.

- Redakteur. 

KONGRES 12 APRIL 2003 PRETORIA

- **Ons gesinne ... • Ons samelewing ...**
- **Ons kerke ... • U kind ...**
- **U self ... • Waarheen op pad ... • Kom praat saam ...**
- **Vir volledige inligting skakel ons kantoor (adres op bl 24), of Pretoria:
Mev. Linda Malan, Tel. 012/460 - 6117, 012/460-8599**



Tannie Aletta sê:

DIE JONGSPAN

Dagsê Maats,

Wat sal die onbekende jaar vir my inhoud? Dit was seker die vraag wat jy gevra het met die eerste klokslag die oggend van 1 Januarie 2003. Nou kyk waar stap die tyd nou alweer. Almal is al hard aan die werk met skoolwerk, middag-aktiwiteite en wat nog!

Sal ons dan nou die res van hierdie nuwe jaar met vertwyfeling instap? Laat ons ons liever na Jesus toe haas! Vorentoe kan ons nie sien nie, maar wanneer ons opkyk na Een wat die vergesig het, sal Hy ons veilig oor die berge en vlaktes van hierdie onbekende jaar lei.

SLEUTELWOORDE IN DIE SKRIF:

VRUG DRA.

Johannes 15:5: "...wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."

Johannes 15:8: "Hierin is My Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees."

"Ek is die ware wingerdstok ..." sê Jesus vir ons. Bogenoemde verse beteken dus dat elke loot van die wingerdstok veel vrug kan en moet dra. Daar is baie gelowiges; hulle lewe toon nie altyd die vrug van die Gees van die Here nie. Jesus gee sulkes nog 'n kans, maar Johannes die Doper sê: "Dra vrugte wat by die bekering pas". (Matt.3:8).

Hoe sal ons nou instaat wees om vrugte te kan dra?

Die prediker sê dat die Here ons sal doop met die Heilige Gees; dit is Gods Gees wat in ons harte en lewe die vrugte van Sy liefde en vrede bring. Daarom moet ons in gebed wag op Sy gees. (Luk.11:13).

"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelik, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Gal. 5:22).

Vrug dra kan baie verskillend wees: in een persoon geduldige lyding; in 'n ander daadwerklike diens en selfopeffering, in sommige aanhoudende voorbedding, in andere weer kenlike nederigheid, sagmoedigheid, en hemelsgesindheid.

Liewe maats, ons in deur Christus aangestel om vrug te dra – omdat Hy dit goed gedink het om ons daartoe te kies. Hy gee ons ook die vertroue om net soveel vrug te kan dra as wat God van ons verlang.

STREEF JY MET JOU GANSE HART DAARNA OM VEEL VRUG TE DRA?

Bybelblok [Hulplyn: Jes. 38-40]


Af:

1. Wat die sonwyser van Agas reeds gedoen het.
2. As Hiskia sing oor sy genesing, gebruik hy hierdie woord om te sê dat niemand wat dood is, die Here kan loof en prys soos 'n lewende nie.
3. Daar is 'n vers wat begin met 'n syfer, maar dis 'n uitroep.
4. Soveel trappe is weer in die son.
5. So gebeur dit dat manne wat in hulle fleur is, val.
6. Soos 'n skaapwagter se tent, so het Hiskia sy lewe gesien toe hy siek was.
9. 'n Mens skryf hierdie woord met 'n hoofletter of 'n kleinletter. Die belangrikste in jou lewe. Mag dit wees soos wat 38:7 begin.
11. Wat Hiskia met sy gesig gedoen het om na die muur te kyk toe hy bid.
12. Die ontbrekende woord: "Die woord wat jy aan my oorgedra het, goed."
14. Die Here word nie moeg nie en hierdie kenmerk van Hom is ondeurgrondelik.
15. Die deel van die ontbrekende woord as dit nog lig is. "Net hulle wat nog lewe, kan U loof, so doen ek dit"
17. Wie kan vir die Heilige Gees die gewer wees van dit?
19. Die ontbrekende werkwoord van 'n vers: "afgemeet,afgemeet, geweeg."
21. Hulle verwelk as die Here sy wind daarvoor laat waai.
23. Sy naam is nie in hierdie gedeelte nie. 'n Seun van Noag en as jy sy naam omdraai, is hy skerp.
24. Die Here doen dit met sy asem en dis soos 'n stormwind wat alles verdor.
25. Neem die enkelvoud van 21, verander een letter en kry 'n plant wat 'n bietjie groter is.

Dwars:

1. Jongmanne word ook maar so.
5. Dië berg moet hard uitroep.
7. 'n Ambagsman doen dit en mense sê sy handewerk is 'n god.
8. Jerusalem mag hierdie soort tyding hoor, want hy het geboet vir sy sonde.

10. Die Here het dit vir Hoskia gegee sodat Hiskia die Here se wil in verband met sy genesing kon (deel van die woord).
11. "Niemand in die graf is aan u trou nie!"
13. Hierdie groep hoor in hoofstuk 38 van die Here se trou.
16. So is alle mense.
18. In Hiskia se gebed om genesing bid hy: Here neem tog in ... dat ek voor U in trou geleef het"
19. As Hiskia dit nie gedoen het nie, het hy deur sy siekte gesterf.
22. Die laaste twee letters van 40:12, dis suiwer.
23. In die woord waarmee 40:3 begin, kan ons die woord "dien" vind, en die persoon wat dit seker die meeste doen.
24. Dit word met silwerkettinkies versier.
25. Die letter van 24 dwars, om ernstig te vra.
26. Die oupa van Jesaja se kinders.
27. In hoofstuk 40 word dit van die Here met 'n stormwind vergelyk waarmee Hy die vername mense laar verdor en wegwaai.
28. In dië deel wat ons aan Ps.23 herinner, word van die Here se volk hiermee vergelyk.
29. So span Hy die hemel oop vir die nasies om onder te woon. Soos 'n ...



LETS OM TE ONTHOU

Lees Psalm 48:1 - Aanbidding is 'n wonder wat alles oortref!

- Thomas Carlyle

Liefde: geen uitvinding van mense nie.

Dis 'n genade van God.

Phil Bosmans

ANTWOORD VORIGE BYBELRAISEL

In Hand. 6:5 was een van die 7 diakens 'n sekere Nicolaus, 'n proseliet van Antiochië, en dus 'n nie-Jood.

Is u opvoeding verbondsoopvoeding?

- Redakteur

Uit verskeie oorde – ongelukkig ook uit oorde wat van beter weet, of behoort te weet – word die multi-godsdienstige propoganda van ons dag slaafs nagepraat. Een patetiese voorbeeld van sodanige dienstigheid aan die maghebbers van die tyd, is die wydlopende voorspraak vir die algemene aanvaarding van 'n blote periode van godsdiensoonderrig terwyl die res van die totale leerinhoud verwêreldliking in die hand wil werk.

Dit is op rekord dat die minister van Onderwys van hierdie land gesê het dat daar nie plek is vir die Christelike godsdiens – of enige ander godsdiens – in die klaskamer nie. Maar dan word reëndanse en ander elemente uit Afrika – en ander godsdienste in ons kinders se kele afgedruk in sogenaamd “onskuldige” rollespelsessies. Dieselfde minister het ook reeds verklaar dat hy die evolusiegedagte as plaasvervangende uitgangspunt in die leer-materiaal invoer.


Ons kinders en kleinkinders is die ontvangers van hierdie geestelike besoedeling, en ons sit in “vrede”. Maar is dit ware vrede? Sou onse God in Sy Woord hierdie gebeure maar so

tussen neus en ore laat deurskuur asof Hy ook 'n gevangene is van die geesteslaap waarvoor die mensdom so oneindig lief is?

Hoe verskil ons houding oor ons kinders se onderwys van die houding van die Joodse ouers in die Ou Testament wat hulle kinders aan die vuurgod geoffer het? Is die uiteinde van albei optredes nie maar dieselfde nie, naamlik dat die kinders verloor word vir die Kerk van die Here nie? Is ons nie maar weer in die posisie dat ons ons kinders uitlewer om besluite te neem en keuses te maak waarvoor onself te slap en lafhartig is nie? Is ons kinders tuis wel toegerus om waarde- en waarheidsoordele te kan fel oor die gehoorsaamheid, al dan nie, aan die Skrif ... van alles wat in die onderwys aan hulle opgedis word?

Wat is die gehalte van u gesin se huisgodsdiens en die geestelike peil van u alledaagse gesinslewe? Wat is u verantwoordelikheid, voor God, kragtens u Doopbelofte? Ouers en groot-ouers is medeverantwoordelik. Waarom kla kategete / verbondsonder-rigters in ons kerke, oor die hele land, oor die meerderheid katkisanse se

powere Bybelkennis: Waarom ken so baie van ons kerkjeug die kerkliedere so swak? Waarom loop eredienste op baie plekke leeg ... en skaf kerkrade sekere diensgeleenthede af? Is ons geestelike vyand dan nie besig om ons eie huis te bedreig nie? Wat moet nog gebeur om ons wakker te skud?

Die VCHO se kursus in Bybeloonderrig is nou op die rekenaar beskikbaar. Dit is uitnemend geskik vir huisgodsdiensvoortligting. U kan meer volledige inligting by die kantoor aanvra. Kyk ook na ons bekendstelling elders in hierdie blad. Dink daaraan dat u vir die prys van 10 “gesins”-tydskrifte, 'n halwe kilogram biltong, 20 roomyse en 20 tweeliterkoeldranke, hierdie eenmalige wins vir 'n leeftyd kan bekom! Die enigste vereiste is dat u eers in 'n lewende verhouding met die Here uself moet verantwoord oor die onderwyssituasie waar u betrokke behoort te wees. Doen u hierdie deel van die ooreen-koms met die lewende God getrou? Dan is u besig met verbondsoopvoeding en –Onderwys. 

WYS DAT U LEWE. KOM KONGRES TOE

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
REDAKSIEKOMITEE: Prof O A Henning (Voorsitter Publikasiekomitee), Prof A W G Raath, Prof D F M Strauss



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A W G Raath (Bloemfontein, Voor-sitter), Prof J J Pienaar (Pretoria), Prof P H Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Dr H J Smith (Pretoria), Prof R Marè (Pretoria), Dr I H Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr H G Stoker (Pretoria), Prof. E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Ds F J van der Merwe (Koster), Ds G van Heerden (de Deur).

Hoof Uitvoerende Beampte: Ds C Bester
Assistent Uitvoerende Beampte: Mnr. H.J. Hayes

Gedruk deur CLF-Drukkers • Tel: (051) 403 8500